

KONGRUENSIE IN ZULU

deur

JOHANNES CHRISTIAAN LANDSBERG

Verhandeling ingedien ter gedeeltelike
nakoming van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in die

Fakulteit Lettere en Wysbegeerte

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT
VIR

CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

Leier: Prof. dr. C.J.H. Krüger

Potchefstroom

Desember 1979.

DANKBETUIGINGS

By die aanbieding van hierdie verhandeling is dit 'n voorreg om dank te betuig aan:

God Drie-enig aan Wie alle eer en dank toekom.
Mag Sy Naam hierdeur verheerlik word.

My moeder en Heilie vir hul volgehoue belangstelling en aanmoediging en veral lg. vir haar hulp met die versorging hiervan.

My vrou vir haar onbaatsugtige opofferings asook die voorlopige en finale tik en voorbereiding van die verhandeling.

Prof. dr. C.J.H. Krüger wat as my studieleier opgetree het. Dit was 'n voorreg om te kon put uit sy besondere vakkennis, inspirerende leiding en daadwerklike hulp.

Mnr. H.J. Ungerer, my gewaardeerde kollega, vir sy vriendelike bystand en belangstelling in hierdie studie.

Die Skrywer

Opgedra aan die nagedagtenis van my vader
en aan my moeder.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

1.1	Inleiding	1
1.1.1	Van Wyk	1
1.1.2	Doel van hierdie studie	2
1.2	Kongruensie as taalkundige verskynsel	2
1.2.1	Kongruensie in die algemeen	2
1.2.1.1	De Groot	2
1.2.1.2	Robins	3
1.2.1.3	Gleason	4
1.2.1.4	Ponelis	5
1.2.1.5	Getal, genus en persoon	5
	A Getal	5
	B Persoon	6
	C Genus	7
1.2.2	Terminologiese perspektief	10
1.2.2.1	"Concord congruence, concordance"	10
1.2.2.2	"Agreement" (ooreenstemming)	11
1.2.2.3	Inkongruensie	13
1.3	Kongruensie in Bantoetale	17
1.3.1	Ouere opvattinge oor kongruensie	17

1.3.1.1	Grout	17
1.3.1.2	Boyce	18
1.3.1.3	Colenso	19
1.3.1.4	MacLaren	20
1.3.1.5	Werner	21
1.3.1.6	Jacottet	22
1.3.1.7	Paroz	23
1.3.2	Die opvattinge van Doke en andere	23
1.3.2.1	Doke	23
1.3.2.2	Cole	26
1.3.2.3	Louw	26
1.3.2.4	Ziervogel	27
1.3.2.5	Jordan	27
1.4	Kritiek en waardering	28
1.4.1	Die periode voor Doke	28
1.4.1.1	Die sg. "euphonic" en "alliterative concord"	28
1.4.1.2	Die voornaamwoordelike status van kongruensiemorfeme	30
1.4.1.3	Die herkoms van kategoriale morfeme	30
1.4.2	Die periode van Doke	30
1.4.2.1	Kategoriale morfeme is formatiewe elemente	31
1.4.2.2	Klasgenus	31
1.5	Samevatting	32

HOOFSTUK 2

DIE KONGRUENT EN GE NERERENDE FAKTOR IN SINTAKTIESE KATEGORIEË

- 2.1 Inleiding 33
- 2.2 Die enkelvoudige kongruent 34
 - 2.2.1 Die naamwoord 35
 - 2.2.1.1 Naamwoordkenmerke 35
 - 2.2.1.2 Massanaamwoord (versamelnaamwoord) 43
 - 2.2.1.3 Deverbatiwe en ander afgeleide naamwoorde 43
 - A Deverbatiwe 44
 - B Veranderlike naamwoorde 44
 - 2.2.1.4 Lokatiwe 44
 - A Oorspronklike lokatiwe naamwoorde van klas 16 en 17 45
 - B Afgeleide lokatiwe naamwoorde 46
 - C Lokatiwe betrekkingwoordgroepe 47
 - 2.2.2 Persoonlike voornaamwoorde 48
 - 2.2.2.1 Eerste en tweede persoon 48
 - 2.2.2.2 3^e Persoon 49

	A 3 ^e Persoon enkelvoud	49
	B 3 ^e Persoon meervoud	49
2.3	Die saamgestelde kongruent	50
2.3.1	Gemeenskaplike kenmerk + menslik	51
2.3.2	Gemeenskaplike kenmerk + dierlik	52
2.3.3	Heterogene betekenisse	52
2.4	Die genererende faktor	53
2.4.1	Die pre-prefiks	54
2.4.1.1	Von Staden	54
2.4.1.2	Givon	55
2.4.1.3	Jordan	56
2.4.2	Die naamwoordprefiks	57
2.4.2.1	Klas 1	57
2.4.2.2	Klas 2	59
2.4.2.3	Klas 3	60
2.4.2.4	Klas 4	60
2.4.2.5	Klas 5	61
2.4.2.6	Klas 6	62
2.4.2.7	Klas 7	62
2.4.2.8	Klas 8	62
2.4.2.9	Klas 9	63
2.4.2.10	Klas 10	64
2.4.2.11	Klas 11	64
2.4.2.12	Klas 14	65
2.4.2.13	Klas 15	66

2.4.2.14	Klas 16	67
2.4.2.15	Klas 17	67
	Samevattende tabel	68
2.4.3	Die genererende faktor in die persoonlike voornaamwoord	69
2.4.3.1	1 ^e Persoon enkelvoud	69
2.4.3.2	2 ^e Persoon enkelvoud	69
2.4.3.3	1 ^e Persoon meervoud	69
2.4.3.4	2 ^e Persoon meervoud	70
2.4.3.5	3 ^e Persoon enkelvoud	70

HOOFSTUK 3

DIE KATEGORIALE KONGRUENSIEMORFEME EN DIE VARIASIES WAT DIT IN WOORDBEPALINGS ONDERGAAN

3.1	Kenmerkkopiëring	71
3.2	Die primêre en sekondêre kategoriale kongruensiemorfeme	72
3.3	Leksikale teenoor grammatiese waardes	74
3.4	Van Rooyen se standpunt insake leksikale waardes	77
3.4.1	Die umu- klasse	77

3.4.2	Die aba- klas	78
3.4.3	Die imi- klas	78
3.4.4	Die u- o- klas	79
3.4.5	Die ili- ama- klas	80
3.4.6	Die izi(N)- klasse	83
3.4.7	Die uku- klas	88
3.4.8	Die ubu- klas	88
3.4.9	Die lokatiefklasse	90
3.5	Die kongruensieproses	91
3.5.1	Antesedent + woordbepalings	92
3.5.1.1	Naamwoord en absolute voornaam- woord	92
	A Klas 2	95
	B Klas 1(a) en 2(a)	98
	C Klas 15	98
	D Lokatiefklasse	99
3.5.1.2	Naamwoord + demonstratiewe	101
	A Afstand 1	101
	B Afstand 2	107
	C Afstand 3	108
3.5.1.3	Naamwoord + kwantitatiewe voor- naamwoorde	109
	A Naamwoord + inklusiewe kwanti- tatiewe voornaamwoorde	110
	B Naamwoord + eksklusiewe kwanti- tatiewe voornaamwoorde	112

- 3.5.1.4 Demonstratiewe lokatiewe kopula=
tiewe 115

HOOFSTUK 4

DIE KATEGORIALE KONGRUENSIEMORFEME EN HULLE VARIASIES IN DIE WOORDGROEPBEPAA- LINGS.

- 4.1 Kwalifikatiewe betrekkingswoord=
 groepe 123
- 4.1.1 Die kwalifikatiewe betrekkingswoord=
 en kongruensie 123
- 4.1.2 Die kwalifikatiewe betrekkingswoord=
 groep met gewone beskrywende naam=
 woorde as komplemente 126
- 4.1.3 Die kwalifikatiewe betrekkingswoord=
 groep met veranderlike (beskrywende)
 naamwoorde as komplemente 129
- 4.1.3.1 Nasaalklas met enkellettergrepige
 komplement 130
- 4.1.3.2 Nasaalklas met 'n meerlettergrepige
 komplement 130
- 4.1.3.3 Nie-nasaalklas 131

4.1.4	Die volvorm (langvorm) van die kwalifikatiewe betrekkingwoord as inleidende lid van 'n kwalifikatiewe betrekkingwoordgroep	133
4.1.5	Kwalifikatiewe betrekkingwoord met werkwoorde as komplemente	135
4.1.5.1	Direkte konstruksies	135
4.1.5.2	Indirekte konstruksies	140
4.2	Die possessiewe betrekkingwoordgroep	144
4.2.1	Gewone vorming	144
4.2.2	Met komplemente van klas 1(a) en 2(a)	147
4.2.2.1	Antesedent in nasaalklas	148
4.2.2.2	Antesedent in nie-nasaalklas	148
4.2.2.3	Die komplement in klas 2(a)	148
4.3	Kongruensie in kopulatiewe groepe	153
4.4	Kongruensie in die werkwoord	157
4.4.1	Klas 1	158
4.4.1.1	Die primêre kongruensiemorfeem - <u>mu</u> - en sy variante	158
4.4.1.2	Die sekondêre kongruensiemorfeem - <u>u</u> - en sy variante	159
4.4.2	Klas 2	163
4.4.2.1	ba * b	164

4.4.2.2	ba * be	164
4.4.2.3	be * b	165
4.4.3	Klas 3	166
4.4.3.1	u * w	166
4.4.3.2	u * wu	166
4.4.4	Klas 4 en 9	167
4.4.4.1	i * y	167
4.4.4.2	i * yi	168
4.4.5	Klasse 5, 7, 8, 10 en 14	168
4.4.6	Klas 6	170
4.4.6.1	Die sekondêre kongruensiemorfeem <u>a-</u> en sy fonologiese variante	170
4.4.6.2	Die sekondêre kongruensiemorfeem <u>a-</u> en sy morfologiese variante	172
4.4.7	Klasse 11, 15, 16 en 17	175
4.4.7.1	lu- en ku- * l- en k-	176
4.4.7.2	lu- en ku- * lw- en kw-	176
4.5	Kongruensie van die persoonlike voor- naamwoorde van die 1 ^e en 2 ^e per- soon	178
4.5.1	Die primêre en sekondêre kongruensie- morfeme	178
4.5.2	Die tweërlei patroon van kongruensie by die persoonlike voornaamwoorde	179
4.5.3	Die wisseling van die persoonsken- merk	180

- 4.5.4 Die dominante aard van die persoons=
kenmerk 181
- 4.5.5 Die kongruensiemorfeme van die 1^e en
2^e persoon 182
- 4.5.5.1 Wanneer die persoon- en getal kenmerk
alleen aanwesig is 182
 - A 1^e persoon enkelvoud 182
 - B 1^e persoon meervoud 184
 - C 2^e persoon enkelvoud 185
 - D 2^e persoon meervoud 187
 - E Die possessiewe voornaamwoord
van die 3^e persoon enkelvoud 188
- 4.5.5.2 Opsomming
- 4.5.5.3 Wanneer die klas 1/2- genus die
persoon- en getal kenmerk aanvul 191
- 4.5.5.4 Opsomming 195

HOOFSTUK 5

- 5.1 Die kongruensiemorfeme van die
selfstandige naamwoordklasse 196
- 5.1.1 Paragraafverwysings vir interpre=
tasie van tabel 196
 - KONGRUENSIETABEL (par. 248) 198

5.2	Gereduseerde opsomming van kongruensiemorfeme	199
5.3	Gevolgtrekkings uit gereduseerde opsomming	200
5.4	Algemene gevolgtrekkings	201
5.5	Slot	202

SUMMARY

6.0	Congruence in Zulu	203
6.1	Aim	203
6.2	Method	203
6.3	Conclusion	204

BIBLIOGRAFIE 206

A. Lys van afkortings

A1.	= afstand 1 (demonstratief)
abs. v.nw.	= absolute voornaamwoord
alt.	= alternatief
ant.	= antesedent
bw.	= betrekkingswoord
dem.	= demonstratief
fon.	= fonologies(e)
Fv.	= fonologiese variant
F/fv.	= fakultatief fonologiese variant
K.	= konsonant
Kkm.	= kategoriale kongruensiemorfeem
kon.	= konstante variant
kongr.	= kongruensie
kop.	= kopulatief
kw.bw.	= kwalifikatiewe betrekkingswoord
mf.	= morfeem
morf.	= morfologies(e)
Mv.	= morfologiese variant
p.	= persoon
pers. v.nw.	= persoonlike voornaamwoord
Pkm.	= primêre kongruensiemorfeem
pos. bw.	= possessiewe betrekkingswoord
p os. v.nw.	= possessiewe voornaamwoord

Skm.	= sekundêre kongruensiemorfeem
Sv. /	= semi-vokaal
V.	= vokaal
var.	= variant
ver. nwe.	= veranderlike naamwoorde

B. Waar die teken * gebruik word, dui dit daarop dat die voorafgaande morfeem verander na die daaropvolgende morfeem. In sommige gevalle dui dit daarop dat die voorafgaande morfeem ontwikkel het uit die daaropvolgende morfeem of morfeme.

HOOFSTUK 1

1.1 INLEIDING

- 1.1.1 Van Wyk (1966, p.7) noem tereg die (1
klasesisteem en, wesenlik daaraan
verbonde, die kongruensiesisteem as
twee van die besondere eienskappe
van die Bantoetale wat hulle van die
Europese tale onderskei. "Die
wette van kongruensie bepaal dat
sekere woordsoorte wat in sintak-
tiese verband met naamwoorde ge-
bring kan word, in 'n bepaalde
opsig vormlike ooreenkomste met
dié naamwoorde moet vertoon" (Van
Wyk, 1966, p.7).

Wanneer die kongruensiereëls met
dié van Engels en ander Indo-Euro-
pese tale vergelyk word, dan blyk
dit dat die Bantoetale van Suidelike
Afrika 'n unieke kongruensiesisteem
het. Dit is 'n unieke verskynsel
wat op 'n unieke wyse in dié tale
funksioneer en vereis dus verdere

aandag.

Wanneer van Bantoetale melding gemaak word, dui dit op die tale van die Suid-Oostelike sone.

1.1.2 Doel van hierdie studie. (2

In hierdie studie sal gepoog word om:

- a. die verskynsel van kongruensie in die algemeen en in die besonder te omskryf en te definieer, en
- b. die kongruensiesisteem van Zulu te beskryf t.o.v. betekenis, vorm en gebruik.

In die verband sal indien nodig ook na ander Bantoetale verwys word.

1.2. Kongruensie as taalkundige verskynsel.

1.2.1 Kongruensie in die algemeen.

- 1.2.1.1. De Groot (1968, p.69) noem (3 dat daar in sommige konstruksies in een of albei lede 'n bepaalde morfologiese kategorie optree en/of 'n verband tussen die grammatikale kategorie

van die een en dié van die ander lid. Hierdie verband, sê hy, kan o.a. kongruensie wees.

Kongruensie is dus vir De Groot 'n morfologiese kategorie wat verbandstigend funksioneer.

De Groot sê verder "..... congruentie is ooreenstemming in flexie-categorieën van het ene lid en van het andere lid. Flexie is kenmerk van een woord, congruentie is kenmerk van een woordcombinatie, een constructie" (p. 92)

Kongruensie is dus alleen van toepassing wanneer albei lede van 'n konstruksie of 'n groep betrek word.

1.2.1.2. Robins (1964, p.249): (4

"Concord may be defined as the requirement that the forms of two or more words of specific word classes that stand in specific syntactic relationship with one another shall also be characterized by the same paradigmatically marked category or categories".

"Concord" is dus vir Robins 'n ooreenstemming in kategorie of kategorieë.

Robins (p.250) sê verder: "Though concord may often be expressed by phonologically similar forms in different words, this is only contingent". Hy illustreer d.m.v. 'n voorbeeld uit Latyn.

Fonologiese ooreenkomste tussen woordklasse in groepe is dus vir hom toevallig.

- 1.2.1.3. Gleason (1961, p.164) sê (5
die volgende oor "concord": "This means that certain words are required to take forms which correspond in specified ways with certain other words".

Hy sê verder (p.165): "Concord is one instance of a relationship which may exist between constituents other than those which are IC's of some construction"

Vir Gleason is kongruensie dus die verwantskap wat daar tussen woorde en sekere ander woorde bestaan.

- 1.2.1.4. Wat die aard van die ver- (6
wantskap is, vind ons in die volgende
beskrywing van Ponelis (1971, p.129):
"Kongruensiebetrekkinge kan onder=
verdeel word n.a.v. die soort mor=
feem wat betrokke is, o.a. : kon=
gruensie t.o.v. persoon, getal en
genus. Hierdie tipes kan onder=
ling kombineer, bv. getal en genus,
persoon en getal".

Die verwantskap vind dus sy beslag
in getal, genus en persoon wat Ponelis
(p.130) "selfstandige naamwoordkate=
gorieë" noem.

1.2.1.5. Getal, genus en persoon.

A. Getal (7

Ponelis (p.130): "Die kategorie getal
word o.a. by s.nwe aangetref. Dit
het twee lede nl. enkelvoud en meer=
voud" bv. umuntu x abantu

Lyons (1969, p.281): "The most (8
common manifestation of the category
of number is the distinction between
singular and plural, which is found
in many languages all over the world.
This distinction clearly rests upon the
recognition of persons, animals and
objects which can be enumerated
(as "one" or "more than one") and
referred to, individually or collec-
tively, by means of nouns".

Getal en persoon kombineer dan weer om
persoonlike voornaamwoorde te vorm.

B. Persoon. (9

Lyons (1969, p.276): "The category
of person is clearly definable with
reference to the notion of participant-
roles: the 'first' person is used by the
speaker to refer to himself as a subject
of discourse; the 'second' person is
used to refer to the hearer; and the
'third' person is used to refer to per-
sons or things other than the speaker
and hearer"

Bg. beskrywing is presies toepasbaar op Bantoetale.

Oor bogenoemde twee kategorieë
nl. getal en persoon is daar in
die Bantoetale eenstemmigheid.

Krüger (1967, p.19): "Behoudens enkele uitsonderings sluit die semantiese aspek van naamwoorde, voornaamwoorde en werkwoorde altyd die semanties-kategoriale waardes van persoon (eerste, tweede en derde) en getal (hoeveelheid) in".

C. Genus.

(10)

Taalkundiges het geslag en "gender" (genus) verkeerdelik met mekaar geassosieer. Die term geslag is in Bantoetale om hierdie rede nie vryelik gebruik nie. Daar is altyd verwys na klas.

Lyons (1969, p.283): "The traditional names for the three genders found in the classical Indo-European languages - 'masculine', 'feminine'

and 'neuter' clearly reflect the association which traditional grammar established between sex and gender. But the term 'gender' itself derives from an extremely general word meaning 'class' or 'kind'"

Lyons (1969, p.284), definieer "gender" as 'n klassifikasie van naamwoorde vir voornaamwoordelike verwysing of konkordansie.

Ook Gleason (1961, p.227) verwys (11 hierna: "In many languages gender categories have nothing whatever to do with sex Many African languages have highly developed gender systems controlling concord". Verder op (p.228): "In nouns, gender is commonly an inherit feature of each stem".

Na bogenoemde "gender system" ver= (12 wys Bloomfield (1933, p.192) soos volg: "Some languages of the Bantu family distinguish as many as twenty

gender-classes of nouns"

Ponelis (1971, p.130): "In Bantoe- (13
tale word 'n uitgebreide genussis-
teem aangetref waarin s.nwe. in
'n hele paar klasse verdeel word.
Dié tale is besondere kongruensie-
tale in die opsig dat kongruensie-
kettings baie lank kan wees".

Lyons (1969, p.286) verwys ook (14
na die sg. "natural basis to the
gender system". Die klassifikasie
van baie woorde is arbitrêr en
onreëlmatig "but this
does not invalidate the statement
that there is a considerable degree
of correspondence between gender
and a classification of nouns from
a semantic point of view"

Nog 'n saak wat t.o.v. genus aandag
verg, is die botsing tussen natuur-
like en grammatikale genus.

Lyons (1969, p.286): "There are (15
a number of nouns denoting human
beings which belong to classes other

than class 1"; there is a certain clash between natural and grammatical gender which is reflected in the syntax of language". Lyons (p.287) noem egter dat grammatikale genus dominant is in 'n sin maar dat natuurlike genus in voor-naamwoordelike verwysing en kongruensie oorheers.

1.2.2 Terminologiese perspektief. (16

In die bespreking hierbo is daar vir kategoriale ooreenstemming 'n verskeidenheid terme gebruik. Vir die doeleindes van hierdie studie is dit noodsaaklik dat terminologiese verwarring en onnodige ooreenstemming uitgeskakel word.

1.2.2.1. "Concord, congruence, concordance" (17

Die terme "concord" en "congruence" sal gebruik word om na kongruensie te verwys. "Concordance" wat vertaal is met konkordansie verskil

nie van die betekenis van "congruence" en dus kongruensie nie en daarom sal nie van dié term gebruik gemaak word nie.

1.2.2.2. "Agreement"(ooreenstemming) (18

Sommige skrywers maak nie 'n onderskeid tussen "agreement" en kongruensie nie. Lyons (1969, p.239): "One of the most obvious of the phenomena in language falling within the scope of the notion of 'context-sensitivity' is concord (or 'agreement')".

"Agreement" (ooreenstemming) en kongruensie (concord) is dus vir Lyons identiese verskynsels.

Dit dien egter daarop gewys te word dat dit net klemverskille is wat moontlik verwarring kan skep, bv. Dinneen (1966, p.61): "This relation is illustrated in the familiar concepts of concord or agreement, and government on the grammatical level". (19

Uit bogenoemde aanhaling blyk dit dat "concord" (kongruensie) en "agreement" vir Dinneen ook identies is.

Later (p. 267) blyk dit egter anders waar hy sê: "Agreement is a narrower form of selection, operating on principles similar to the larger sort, and conveniently divisible into three general types: concord or congruence..... "

Hy noem ook "government" en "cross-reference" as tweede en derde tipes.

Dit blyk dus dat kongruensie 'n tipe van "agreement" is saam met "government" en "cross-reference".

Bloomfield (1933, p.191) wil ook (20 dat kongruensie 'n tipe "agreement" moet wees: "..... the agreement is of the simplest kind, which is usually called concord or congruence" Op p.192 en p.193 noem hy "govern=

ment" en "cross-reference" as 'n tweede en derde tipe "agreement". (Vgl. Dinneen hierbo)

Opsommend kan kongruensie (concord, congruence) gedefinieer word as 'n kategoriale ooreenstemming (agreement) tussen kombineerbare sintaktiese kategorieë t.o.v. getal, persoon en/of genus. Vgl. ook Krüger (1967, p.20): "Wanneer naamwoorde en werkwoorde bv. saam gebruik word in 'n groep bestaan daar altyd kategoriale ooreenstemming wat m.b.v. konkordiale morfeme aan die woordvorme waarneembaar gemaak word." (21

1.2.2.3. Inkongruensie. (22

In sy artikel "Modaliteit" verwys Van der Merwe (1964, p.185) na Broos waar hy aandag gee aan 'n soort kongruensie: "Hy wys daarop dat in die sin die subjek en predikaat met mekaar in verband gebring

word en dat hierdie kontak lei tot die ontstaan van 'n nuwe eenheid in die menslike bewussyn".

Die kontak noem hy "kongruensie tussen subjek en predikaat". Die skrywer sê verder (p.247) dat kongruensie 'n onderlinge gelykvormigheid, d.w.s. 'n onderlinge ooreenstemming aandui, in teenstelling met inkongruensie.

Inkongruensie is volgens Van der Merwe (p.245) 'n onderlinge ongelijkvormigheid; nie 'n onderlinge ooreenstemming nie.

Wanneer kongruensie, soos gedefinieer in par. 21, vergelyk word met bg. kongruensie dan blyk dit dat daar 'n verskil in gebruik en omstandighede van die gebruik van die terme is.

By kongruensie in die Bantoetale is daar sprake van grammatikale vormlike korrelasie (Krüger, p.20)

Bogenoemde "kontak-kongruensie" of "inkongruensie" resulteer uit psigologiese momente wat afhanklik is van die emosionele gevoel van die taalgebruiker. Die oorsaak is dus buite-taals.

Van der Merwe (p.185) stel dit soos volg: "In bv. 'Karel wil die prys wen', is daar moontlike kongruensie en inkongruensie; die situasie en konteks, die bekwaaamhede, ens. van Karel moet ons inlig oor die moontlike smeltingsneiginge. Met ander woorde, die sinsinhoud en sinsverband, asmede die bepaalde eienskappe van Karel moet bepaal of daar kongruensie, inkongruensie of albei voorkom".

Van der Merwe sê verder (p.185): "Die houding van die mens (spreker) verteenwoordig die objektiewe-subjektiewe elemente wat Broos in die taaluiting die psigologiese momente noem".

In die lig van bogenoemde is dit (23)
nodig dat in hierdie stadium onder-
skei word tussen:

(a) grammatiese of linguistiese
kongruensie en

(b) emosionele, semantiese of psi-
gologiese kongruensie of inkongruensie
wat saamgevat kan word onder die term
kontekstuele kongruensie.

In 'n sinvolle sintaktiese eenheid soos
bv.

Umfana ugabula inja - Die seun soen
die hond,

sal daar tussen umfana (Die seun) en
ugabula (hy soen) wat kombineerbare
sintaktiese kategorieë is, gramma-
tiese (linguistiese) kongruensie (kate-
goriale ooreenstemming) bestaan maar
emosionele (kontekstuele) inkongruensie.

In

Umfana ugabula urname - Die seun soen
sy moeder

is daar dus grammatiese (linguistiese) sowel as emosionele (kontekstuele) kongruensie.

In dié studie sal daar verwys word na grammatiese (linguistiese) kongruensie alleen.

1.3. Kongruensie in Bantoetale.

1.3.1 Ouere opvattings oor kongruensie (24)

In bogenoemde paragrawe is aandag gegee aan wat onder kongruensie in die algemeen verstaan moet word. Vervolgens sal die tradisionele opvattinge van verskillende Bantoeloë ook van naderby betrag word.

- 1.3.1.1. Grout (1859, p.94) sien die (25
kategoriale morfeem as 'n voornaam= woord en hy noem dit "a class of relational words". Verder sê hy: "They often serve also, at least some of them, in a complemental character, in as much as, even

when the noun is used, they are required along with it, or in addition to it, to give limits and connection to its meaning and prevent ambiguity,"

Uit bogenoemde is daar drie funksies van die sg. "pronoun" te bespeur nl.

(a) dit beperk die betekenis van die naamwoord

(b) dit laat die betekenis van die naamwoord kontinueer in die volgende woord m.a.w. dit voeg, en

(c) dit beperk meerduideligheid

Oor die herkoms van die "pronoun" het Grout (p.95) ook nie illusies nie: "... by exhibiting in their very form a marked resemblance to the nominal incipient - the more essential, fixed portion of the pronoun being often a mere image of the noun's incipient;"

1.3.1.2. Ook reeds in 1863 merk (26

Boyce (p.6) 'n sg. "peculiarity" by Bantoetale op. "This peculiarity upon which the whole grammar of the language depends, has been termed the euphonic or alliteral concord" Vir Boyce het dit dus net gegaan om die herhaling van 'n bekende herkende klank van een woord in 'n volgende woord.

Hy bevestig die herkoms van die sg. "euphonic letter" uit die naamwoord (p.35). Hy erken ook die rol van die "euphonic letter" in die totstandkoming van ander woorde.
bv.

"Abantu bake; His people, referring to a noun of the first declension"(p.36)

- 1.3.1.3. Colenso (1904, p.11) sien (27
die naamwoordprefiks as 'n "inflex".
Die kategoriale morfeem sê hy is
"portion of each inflex, which may
be considered its characteristic portion, is used as a personal pronoun

of the third person, to represent any noun of the class in question".
Hy tabuleer (p.12) die "personal pronouns".
bv.

umu, um, u (Sing. Inflex) met u
(personal pronoun)

Die "kategoriale morfeem" is dus vir Colenso 'n persoonlike voornaamwoord wat ook die naamwoord verteenwoordig. Interessant is dat hy sê dit is die "kenmerkende" geelte van die prefiks (inflex).

- 1.3.1.4. MacLaren (1915, p.15) stel (28
die feit van kongruensie beter voor:
"Agreement or concord between the noun and other words dependent on or connected with it is expressed by the use of prefixes of the same or similar sound".

Hy noem egter ook hierdie sg. "Grammatical principle" 'n "euphonic concord".

bv.

"li-zwe l-am eli-kulu li-zolile, My
great land is at peace" (p.14)

Die beginsel is hier dus ook gebaseer
op die basis van klankkontinuiteit.

'n Ander interessante funksie van
"concord" wat MacLaren raaksien
is "to give to the sentence great
clearness". Hy sê meerduidigheid
word vermy deurdat afgeleide woorde
dien as "constant reminders of the
noun that is referred to".

- 13.1.5. Werner (1919, p.14) praat (29
van 'n naamwoordprefiks (teenoor
Colenso se "inflex"). "These
prefixes as repeated in one form
or another, before every word in
agreement with the noun; and this
method of indicating agreement is
called the alliterative concord".

Werner sê dus eintlik dieselfde as
die ander skrywers behalwe dat sy

pertinent praat van 'n naamwoordprefiks. Oor die fisiese verband tussen die prefiks en die "alliterative concord" sê Werner (p.30) die volgende: "We thus see that the prefix of the noun is repeated, in a form more or less recognizable before every word in grammatical agreement with it".

- 1.3.1.6. Jacottet (1927, p.32) ver= (30
duidelik aan die hand van Suid-Sotho dat wanneer 'n naamwoord as onderwerp gebruik word, word dit aan die werkwoord gevoeg d.m.v. 'n "connective pronoun or pronominal prefix of its class".
bv.

"mōnna ō hlabile khomō (The man he has slaughtered an ox)"

Uit bogenoemde kan afgelei word dat die kategoriale morfeem vir hom die naamwoordprefiks self was. Die term "connective pronoun" dui meer op die funksie van wat bogenoemde skrywers "personal pronoun" noem.

1.3.1.7. Paroz (1946, p.25 en 26): (31

"Grammatical concord" is vir hom 'n fundamentele prinsipe van die Suid-Sotho-taal. "All variable elements in a clause must concord in class and number with the noun-subject which governs the clause".

bv.

"Mōnna ō ruta the man teaches"

Paroz noem die kategoriele morfeem o.a. 'n voornaamwoordelike onderwerp (pronoun-subject) en voornaamwoordelike voorwerp (pronoun-object).

Netsoos by bogenoemde skrywers gaan die probleem hier ook oor die voornaamwoord-status van die kategoriele morfeem.

Bogenoemde was beskouings van ouere Bantoeloë voor die periode van Doke en andere.

1.3.2 Die opvattinge van Doke e.a.

1.3.2.1. Doke se bevindings t.o.v. (32

"Concord" is van groot belang omdat sy kongruensie-idee radikaal verskil met dié van die ouere Bantoeloë. Die belangrikste verskil lê daarin dat hy die kategoriale morfeem nie as 'n voornaamwoord beskou nie maar wel as 'n formatiewe element. Doke (1957, p.56) sê: "Concords must be rigorously distinguished from pronouns; the latter constitute separate words; the former are only formative elements used in building up words.

Dit dien hier vermeld te word dat bogenoemde standpunte van Doke reeds sedert 1927 met sy "Textbook of Zulu Grammar" die lig gesien het. Hy handhaaf dus 30 jaar later nog basies dieselfde standpunte met sy "Textbook of Southern Sotho Grammar".

Doke (1957, p.58) konstateer ook dat genus by Bantoetale nie geslagsgenus is nie maar wel klasgenus: "The difference between the classes

is one of class gender; sex gender is not a grammatical consideration in Sotho, where the form of the pronouns and all concords with nouns are determined by the form of the class prefix, without any reference to the sex indicated by the noun".

Uit bogenoemde kan ook afgelei word dat die herkoms van die "concord" volgens Doke uit die klasprefiks is. In hierdie spesifieke opsig korreleer sy siening dus met dié van die ouer Bantoeloë.

Later (p.374) noem hy egter dat sommige "concords" nie afleibaar van naamwoordprefikse is nie maar wel van die voornaamwoorde soos in die geval van die eerste en tweede persoon: "..... which shew a certain connection with the pronouns for those persons".

Die gebruik van die term formatiewe

elemente i.p.v. "concord" sal later onder bespreking kom (vgl. par. 38)

- 1.3.2.2. Cole (1955, p.60) verkies (33)
die term "prefixal elements" vir
"concords" teenoor Doke se "formative elements"

Belangrik is egter dat ook Cole nie woordstatus (voornaamwoord) aan "concord" toeken nie.

- 1.3.2.3. Louw (1963, p.37) noem (34)
dat: "enige woord wat in 'n bepaalde verhouding tot 'n nomen staan 'n skakel of konkord het wat afgelei is van die betrokke nominale prefiks om hierdie verhouding aan te dui".

Die term "skakel" wat Louw gebruik is algemeen deur Bantoeloë in gebruik maar dit is ook 'n term wat nie bevredig nie en bloot dui op die funksie van die konkord. Die fonologiese aard van die konkord is nie vervat in dié term nie en dit is nood-

saaklik in enige morfologiese aspek
wat met fonologie verband hou.

- 1.3.2.4. Ziervogel (1960, p.9) maak (35
'n eienaardige stelling in dié sin dat
hy beweer dat naamwoordprefikse nie
soseer dien om die klas waaraan die
s.nw. behoort te bepaal nie maar
wel dat hulle belangrikste doel is
om die skakel wat gebruik word om die
s.nw. aan ander sinsdele te skakel,
daarvan af te lei.

Klasprefikse het vir Ziervogel dus
eintlik 'n afleidingsfunksie. Indien
dit so sou wees dan is naamwoord=
prefikse oorbodig aan 'n naamwoord
en sou 'n naamwoordstam alleen sin=
vol kon optree wanneer 'n woordklas=
kategorie bv. nie met 'n naamwoord
kongrueer in 'n groep nie.

- 1.3.2.5. Jordan (1966, p.24) noem die
klasprefiks 'n "classifier". Die
kategoriale morfeem noem hy 'n
"concord affix". Hierdie "affix",

sê Jordan, is "normally related in sound to the classifier of the noun in question".

Jordan noem ook dat die beginvokaal van die Xhosanaamwoordprefiks nie deel van die "classifier" is nie maar dat dit beslis 'n lidwoord is - "definitive article"

Oor die juistheid van bogenoemde opmerking sal later kommentaar gelever word. (Vgl. par. 72 - 74).

1.4. Kritiek en waardering.

In die lig van die beskouings hierbo is dit nodig om 'n evaluering te maak van die opvattinge van die verskillende Bantoeloë oor kongruensie.

1.4.1 Die periode voor Doke.

(37)

Tydens dié periode kan daar veral t.o.v. twee sake kritiek uitgespreek word.

1.4.1.1. Die sg. "euphonic" en "alliterative concord".

T.o.v. hierdie standpunte sluit ek aan by wat Van Wyk (1966, p.8) beweer. Hy sê sekere ouere Bantoetaalkundiges het in die kongruensieverskynsel (concord) 'n alliteratiewe prinsipe gesien en na die verskynsel verwys as die alliteratiewe "alliterative" of "euphonic concord". A.g.v. die feit dat hierdie sg. alliterasie nie oral tussen alle ooreenstemmende kategorieë waarneembaar is nie, is hierdie stelling foutief. Van Wyk (p.8): "..... aangesien alliterasie eintlik 'n toevallige newe-produk van kongruensie is". Hieruit kan voorlopig die gevolgtrekking gemaak word dat fonologiese korrelasie in die kongruensieproses, hoewel opsigtelik, eintlik bloot toevallig is.

Robins (1964, p.250) het reeds ook gesê dat dit bloot toevallig (contingent) is dat "concord" uitgedruk word deur fonologiese ooreenstemmende vorme in verskillende woorde.

1.4.1.2. Die voornaamwoordelike status van kongruensiemorfeme.

Naas bogenoemde is die feit dat Bantoe=loë die kongruensiemorfeme as voornaam=woorde beskou ook belangrik. Paroz (1946, p.25 en 26) o.a., praat bv. van 'n "pronoun - subject" en "pronoun - object", respektiewelik vir onderwerps- en voorwerpsmorfeme.

Om voornaamwoordelike status te verleen aan kongruensiemorfeme is foutief en word die bevindinge van Van Wyk 1958 oor woordverdeling en woordidentifikasie as die korrekte aanvaar.

1.4.1.3. Herkoms van kategoriale morfeme.

Oor die herkoms van die kategoriale morfeme is alle Bantoe=loë dit eens dat die naamwoord as basiese kongruent dien en dat die klasprefiks die genererende faktor is.

1.4.2 Die periode van Doke.

(38)

Die belangrikste bydrae wat Doke

gemaak het t.o.v. die verskynsel
van kongruensie is die volgende:

1.4.2.1. Kategoriale morfeme is formatiewe elemente:

Sy kongruensie-opvatting verskil radikaal van dié van die ouere Bantoe-loë in die sin dat hy die kategoriale morfeem nie as 'n voornaamwoord beskou nie maar wel as 'n formatiewe element. Hierdie "formative elements" sê Doke (1957, p.56): "is used in building up words". Voornaamwoorde sê hy; "constitute separate words"

1.4.2.2. Klasgenus.

'n Verdere belangrike bydrae wat Doke maak het tot die insigte oor genus t.o.v. Bantoetale is om te onderskei tussen geslagsgenus en klasgenus (p.58). "The difference between the classes is one of class gender; sex gender is not a grammatical consideration in Sotho".

1.5 Samevatting.

(39

Ter samevatting kan gesê word dat kongruensie bewerkstellig word deur kategoriale morfeme wat toevallig teruggevoer kan word na die basiese kongruent nl. die naamwoord en sekere persoonlike voornaamwoorde en deur middel van die genererende faktor, nl. die klasprefiks, die selfstandige naamwoordkategorieë klasgenus, getal en persoon in 'n volgende sintakties kombineerbare lid laat kontinueer.

HOOFSTUK 2

Die kongruent en genererende faktor in sintaktiese kategorieë.

2.1. INLEIDING

(40

In hoofstuk 1 is aanvaar dat die basiese kongruent in enige toepaslike sintaktiese kategorie of basisstruktuur, die naamwoord is. Die naamwoord is of eksplisiet teenwoordig of word implisiet veronderstel.
bv.

Ihashi liyadla (Die perd eet)

teenoor

(Ihashi) Lona liyadla (Hy eet)

In eg. voorbeeld is "ihashi" die eksplisiete basiese kongruent. In lg. voorbeeld is "lona" die plaasvervangende implisiete kongruent in 'n steeds aanvaarbare sintaktiese kongruensieverhouding.

Verder word die persoonlike voornaamwoorde

van die 1^e en 2^e persone asook 3^e persoon enkelvoud as basiese eksplisiete kongruente beskou. Hieroor sal later meer gesê word (Vgl. par. 63 - 65).

Vervolgens word 'n onderskeid gemaak tussen enkelvoudige en saamgestelde kongruente:

2.2. Die enkelvoudige kongruent. (41

Wanneer die naamwoord en persoonlike voor-naamwoorde as basiese kongruente aanvaar word is dit nodig om die kenmerke van dié woordklasse van naderby te betrag.

Vooraf is dit egter noodsaaklik om te onderskei tussen die verskillende tipes kenmerke van dié woorde.

Van Wyk (1968, p.55): "Woordkenmerke is eienskappe wat eie is aan woorde en kan semanties, fonologies, morfologies of sintakties, paradigmadies of sintagmadies en selfs logies, psigologies of sosiologies van aard wees".

Die kenmerke van dié basiese kongruente

wat hier ter sake sal wees, is die semantiese en 'n sekere mate morfologiese kenmerke.

2.2.1 Die naamwoord.

2.2.1.1. Naamwoordkenmerke.

(42)

Givon (1969, p.8): "The traditional practice of dividing the singular and plural forms of the Bantu nouns into agreement classes tends to obscure the fact that gender is an inherent feature of nouns, while plurality is an optional feature of nominal phrases".

Uit bogenoemde aanhaling word afgelei dat genus vir Givon 'n inherente semantiese kenmerk van naamwoorde is.

Enkelvoudigheid / Meervoudigheid is 'n opsionele of toevallige kenmerk. Hy sonder egter massa-naamwoorde of versamelnaamwoorde (mass nouns) uit as woorde met meervoudigheid as inherente kenmerk.

Die semantiese kenmerke van die naamwoord kan dus soos volg ingedeel word: (43)

Kenmerk	Genus	Meervoudig heid	Ekv/Mv
1. Verplig= tend	Alle naamwoor= de	Versamel naamwoor= de	-
2. Opsio= neel	-	-	alle naam= woorde

Givon (p.8) sê verder: "When 'class' (44 (volgens prefiksvorm) rather than gender is taken to be grammatically more significant, one often tends to leave the impression that the pairing of singulars and plurals of the same noun is somewhat accidental. One also tends to create the impression that Bantu languages have a huge proliferation of grammatical genders".

Hieruit is af te lei dat naamwoord= (45 klassifikasie ("class") vir Givon 'n sekondêre faktor is. Genus is vir hom grammatikaal meer kenmerkend

en primêr. Die Bantoetale het dus ook nie vir hom so 'n moeilik-klassifiseerbare naamwoord-genusstelsel nie.

Oor bogenoemde genusstelsel sê (46)
Givon (p.14): "Although the Bantu noun-gender system seems synchronically to be largely meaning free, traces of older semantic significance of this system still abound, and it is clear that at earlier historical period this system represented a semantic categorization of the noun universe".

Givon erken dus dat 'n sinchronies-se= (47)
mantiese klassifikasie van die naamwoord-genusstelsel moeilik is maar dat daar histories 'n definitiewe semantiese kategorisasie was.

Hierdie feit van moontlike genusklas= (48)
sifikasie is o.a. reeds deur Doke
raakgesien (1931, p.37): "It is probable that in proto-Bantu each class of nouns had a definite significance.

With certain classes in modern Zulu this significance is still recognisable; with others it is lost. Class 1 for instance is distinctly the "Personal class" and class 7 the 'abstract class'".

Dit is nie die doel van hierdie studie (49 om so 'n klassifikasie te probeer maak nie. (Vgl. par. 98 - 108).

Dit dien ook hier genoem te word dat (50 die kenmerk 3^e persoon ook by alle naamwoorde veronderstel word.

Givon (p.79) noem later ook "persoon" as 'n kenmerk: "To sum up, then, the transformational process of agreement-copying must invalue the abstract features (gender, number, person) of agreement".

Bogenoemde "abstract features" (semantiese kenmerke) is volgens Givon belangriker as die kongruensiemorfeme self.

Givon (p.102) beweer verder dat (51 naamwoordprefikse en kongruensie-

morfeme hulle onderliggende fonologiese vorm in die sg. post-transformasionele tweede leksikon ontvang.

Ook Wilkes (1973, p.32) noem (52
n.a.v. Givon se werk dat kongruensie
nie in die dieptestruktuur tot stand
gebring word nie, maar dat dit
eerder 'n kenmerk van die sintaktiese oppervlakstruktuur van
sinne is.

Met bogenoemde sieninge kan verskil word. (53

Givon (p.76) sê ook: "It is assumed
that the noun itself already has a
prefix (as distinct from abstract
features) at the time agreement
applies. However, at the stage
of first lexical insertion the noun
could not have a prefix, since it
has only the gender feature and the
full phonological form of the prefix
must take into account the plurality
feature of the N P node".

Uit bogenoemde aanhaling kan die volgende afgelei word. (54

(a) Bogenoemde skrywers beweeg benede die vlak van die woord want volgens die aanhalings is bv. "Umntu" van -ntu gevorm en "uyabona" van -bon-. In hierdie verband kan Laas (1974, p.22) aangehaal word: "Die taalgebruiker het geen kennis van die elemente wat benede die woordvlak geabstraheer word nie. Die woord word as die beginpunt van alle morfologiese prosesse beskou. In taalgebruik het die gebruiker in die eerste plek kennis van die "totale" woord, bv. motse 'stat' en nie van die wortel '-tse' nie. Vanaf motse 'stat' bou die taalgebruiker motsana 'statjie' en van daar tot by 'motsaneng', in die 'statjie'".

(b) Givon se standpunt dat naamwoordprefikse en kongruensiemorfeme hulle onderliggende fonologiese (55

vorm in die sg. post-transformasionele tweede leksikon ontvang, is onhoudbaar. Die taalgebruiker het umuntu 'mens' as gegewe gehad. Van daar kan hy umntwana 'kind' bou. Uyabona 'hy sien' is bv. net 'n kongruensionele aanpassing vanaf ukubona 'om te sien'.

(56)

(c) Met Wilkes se siening (vgl. par. 52) dat kongruensie 'n kenmerk van die sintaktiese oppervlakstruktuur van sinne is, kan ook nie saamgestem word nie. Kongruensie is 'n aangeleentheid van die dieptestruktuur. Indien dit in die oppervlak tot stand kom, moes kongruensie 'n sintaktiese verbandstigende middel gewees het. Krüger (1967, p.22) beweer: "..... die semanties-kategoriale momente in woordgroepe word daargestel deur die bepaalde verhouding tussen die semantiese aspekte van die woorde waarin die kategoriale waardes inherent is aan die semantiese aspekte". Hy sê verder: "In die laaste plek

is die omvang van die kategoriale ooreenstemming beperk tot bepaalde woordklasse en indien dit 'n sintaktiese middel sou wees, is dit 'n baie beperkte middel".

Kongruensie kan dus geen sintaktiese middel wees nie a.g.v. die feit dat dit verband hou met betekenis. (Vgl. Reichling p.81) Dit is bloot 'n voorwaarde vir verbandstigting.

(d) Die kenmerk "genus" is in die naamwoordwortel se betekenis gesetel en die enkelvoud- en meervoud=kenmerk (getal) in die naamwoord=prefiks en onderskei die genusse van mekaar. Die naamwoordprefiks is dan ook die vormlike aanduiders van die genus wat in die wortelbetekenis vervat is. (57)

Tydens die kongruensieproses word die semantiese kenmerke genus, getal en persoon dus d.m.v. die kategoriale kongruensiemorfeem op 'n volgende

kombineerbare kategorie gekopieër.

2.2.1.2. Massanaamwoord (Versamel- (58
naamwoord)

Van die sg. "mass nouns" sê Givon (p.10) "..... mass nouns are 'inherently plural', as indicated by the feature (-singular). When this feature appears in a noun the choice of (plural) for the nominal phrase is obligatory". Die prefiks is dus die fonologiese spesifisering van die betekenis "massa" in die wortel.

Sulke naamwoord bv. amanzi - 'water' is inherent meervoudig maar Givon se sg. "choice of plural" is irrelevant omdat 'n keuse nie ter sprake is nie. Amanzi is gegewe in die taal en nie gevorm van -nzi nie. Sulke naamwoorde word ook getal-neutrale naamwoorde genoem.

2.2.1.3. Deverbatiewe en ander af- (59
geleide naamwoorde.

Die naamwoordprefiks het egter die vermoë om 'n genusverandering te laat plaasvind bv.

A. Deverbative.
bv.

ukwakha (+ genus infinitief) = umakhi
(+ genus menslik)

B. Veranderlike naamwoorde.
bv.

-khulu (genus neutraal) = (o)mkhulu
(+ genus menslik)
= (e)nkulu
(+ genus dierlik)

2.2.1.4 Lokatiewe. (60)

Lokatiewe verdien spesiale vermelding in die sin dat hulle as gewone naamwoorde behandel word en tog nie 'n stabiele patroon handhaaf in die proses van kenmerk-kopiëring nie soos in die volgende paragrafe duidelik sal word.

As kongruente tree die volgende tipes

lokatiewe op:

A. Oorspronklike lokatiewe naam=
woorde van klas 16 en 17.

bv.

phakathi - binne

ukunene - links

Van der Poll (1970, p.6): "Wat die lokatiefklasse van die suidelike Bantoetale betref, het die kongruensie lossers geraak".

Hy noem dat t.o.v. Zulu slegs die volgende behoue gebly het:

(a) /pha-/ -slegs die demonstratiewe /lapha/ _____

(b) /(u)ku-/ -hierdie klas het grootliks behoue gebly in die sin dat die basiese kongruensiemorfeem nog relatief aktief in die taal werksaam is bv. as onderwerpskakel, voorwerpskakel ens. Van der Poll (p.6) sê verder: "Lokatiewe naamwoorde in die Nguni-

tale word dan ook meestal bywoor-
delik gebruik. Tog het hul nog in
'n geringe mate hulle substantiewe
valensies behou in welke geval die
skakels van klas 17 optree".

B. Afgeleide lokatiewe naam-
woorde.

Hulle is gewone naamwoorde wat gevorm
word deur die prefigering van die lokatiwe
morfeem e- of o- en suffigering van -ini.

Dié woorde genereer die kongruensie=
morfeme van die lokatiewe klasnaamwoorde,
bv.

kuhle phakathi - Dit is mooi binne
lihle ikhanda - Die kop is mooi
maar,
kuhle ekhanda - Op die kop is dit mooi

Bg. voorbeelde bewys die volgende: (61

(a) die semantiese kenmerk "genus"

word vormlik waarneembaar gemaak deur die klasprefiks en hierdie kenmerk word op verskeie sintakties-kombineerbare kategorieë gekopieer.

(b) betekenis en genus is verwant in dié sin dat genus die gemeenskaplike betekeniswaarde van 'n geklassifiseerde groep naamwoorde is.

(c) kongruensiemorfeme is nie altyd fonologies (vormlik) korrelerend met die genererende faktor (Vgl. par. 70 e.v.) in die kongruent nie.

C. Lokatiewe betrekkingswoord- (62
groepe.

/Ku/ is 'n lokatiewe betrekkingswoord wat valensie het vir naamwoorde van klas 1 en 2 en 1a en 2a en vir voornaamwoorde,
bv.

Kumfana - by die ~~seun~~

Kubo - by hulle

Net soos by afgeleide lokatiewe naam-

woorde, genereer sulke groepe
 ook die kongruensiemorfeme van klas 17.
 bv.

umfana muhle - die seun is mooi
 maar
 kumfana kuhle - by die seun is dit mooi

2.2.2 Persoonlike voornaamwoorde. (63)

Die persoonlike voornaamwoorde van
 die 1^e en 2^e persone is basiese
 eksplisiete kongruente teenoor dié
 van die 3^e persoon wat ook as plaas=
 vervangende kongruente kan optree.

2.2.2.1. 1^e en 2^e persoon. (64) bv.

Mina ngiyahamba / Thina siyahamba
 □ □
Wena uyahamba / Nina niyahamba
 □ □

Die kongruente in bg. voorbeelde is nie
 kategoriaal kongruensioneel terugvoer=
 baar na 'n bestaande verwante (gekombi=
 neerde) kategorie nie. Om hierdie
 rede is hulle netsoos naamwoorde

eksplisiete basiese kongruente.

2.2.2.2. 3^e persoon. (65)

A. Wat die 3^e persoon enkelvoud yena betref is nodig om daarop te wys dat tussen yena en sy kategoriale kongruensiemorfeem -u in bv.

yena uyahamba (Hy loop)

~~geen fonologiese verband bestaan nie.~~

Klas 1 het yena as absolute voornaamwoord "aangeneem" en u- kan dus as 'n fonologies-onverbonde kongruensiemorfeem van yena- beskou word. (Vgl. par. 111 - 113)

B. In teenstelling met 2.2.1 (66) is die kongruent in onderstaande voorbeeld wel kategoriaal kongruensioneel terugvoerbaar na 'n geimpliseerde combineerbare kategorie (bv. naamwoord klas 2) en is daarom net soos die voornaamwoorde en betrekkiingswoordgroepe van die 3^e persoon meervoud 'n plaas-

vervangende implisiete kongruent
bv.

(Abantu) bona bayahamba

2.3. Die saamgestelde kongruent.

(67)

Wanneer die onderwerp van 'n sin bestaan uit twee of meer naamwoorde wat newegesik georden is, ontstaan sekere kongruensie-probleme wat Wilkes (1973, p.31) "klaskonflikte" noem ("gender conflicts" n.a.v. Givon p.81). Hierdie sg. "klaskonflikte" ontstaan deurdad so 'n neweskikkende groep naamwoorde van 'n onderwerp, "dikwels heterogeen is in dié opsig dat die naamwoorde wat deel van sodanige onderwerpe uitmaak tot verskillende naamwoordklasse behoort" (Wilkes, 1973, p.30).

Bogenoemde ongelyksoortige naamwoorde (68
noem Givon (p.81) "non-equi-gender nouns".
Dit is egter nie net "genus" wat hierby
betrokke is nie maar ook die kenmerk
"getal". Dit kom daarop neer dat die
sg. "non-equi-gender" naamwoorde van die

onderwerp almal die kenmerk (+ekv) of (+mv) of (+ekv + mv) in verskillende klasse het. Givon (p.80): "..... the rulescheme of conjunction reduction must have the power to change singular to plural agreement. Further, it is clear that the change does not only pertain to the agreement morpheme, but rather involves the assignment of the feature (plural)".

Dit gaan dus hier oor 'n oplossing vir die (69
kopiëring van die kenmerke genus en getal.
Wilkes (1973, p.30 en 31) los dié kongru-
ensieprobleme op die volgende aanvaarbare
maniere op:

- 2.3.1 Wanneer naamwoorde uit verskillende
klasse met die gemeenskaplike kenmerk
(+ menslik) so 'n saamgestelde onder-
werp vorm, dan word die onderwerps-
morfeem van klas 1/2 (meervoud) ge-
bruik,
bv.

Insizwa (9/10, ekv.) nomfazi (1/2, ekv.)
bayabona
"Die jongman en die vrou sien"

- 2.3.2 Wanneer naamwoorde uit verskillende klasse met die gemeenskaplike kenmerk (+ dierlik) so 'n saamgestelde onderwerp vorm, dan word die onderwerpsmorfeem van klas 9/10 (meervoud) gebruik
bv.

Unogwaja (1a/2a, ekv.) nofudu (11/10, ekv.)
ziyadla
"Die haas en die skilpad eet".

- 2.3.3 Wanneer naamwoorde uit verskillende klasse en met heterogene betekenis so 'n saamgevoegde onderwerp van 'n sin uitmaak, word die onbepaalde onderwerpsmorfeem van klas 15 gebruik
bv.

Abafana (1/2, mv) namahashi (5/6, mv)
kuyezwana
"Die seuns en die perde verstaan mekaar".

Op p.33 meld Wilkes dat wat bogenoemde betref soms ook gebruik gemaak kan word van die onderwerpsmorfeem van die naamwoord naaste aan die werkwoord.

Hy noem egter dat dit nie in die spreektaal aanvaarbaar is nie.

Opsommend kan dus gesê word dat hier nie sprake is van fonologiese kontinuiteit in die komponente van die kongruensieverhouding nie. Alleen die kenmerke "genus" en "getal" word op die werkwoord oorgedra. Dit is ook duidelik dat betekenis 'n groot rol speel by die keuse van 'n kategoriale kongruensiemorfeem.

2.4. Die genererende faktor.

(70)

Soos dit blyk uit die feite van die eerste hoofstuk is dit duidelik dat die naamwoord-prefiks as die genererende faktor aanvaar is. Ziervogel e.a. (1967, p.15): "The importance of the class prefixes does not lie in the fact that they indicate the classes to which the nouns belong, but rather in the fact that they are employed in linking the noun to other parts of the sentence by means of a concord which is derived from a class prefix".

Volgens genoemde skrywers is dit dus die prefiks se belangrikste funksie om die naamwoord te voeg aan ander sinsdele.

Vooraf is dit nodig dat onderskei word tussen die pre-prefiks of beginvokaal of aanvangsvokaal van 'n naamwoord en die werklike prefiks.

2.4.1 Die pre-prefiks.

(71)

Die beginvokaal het geen morfologiese funksie in die kongruensieproses nie. Dit is dus alleen die werklike pre-fiksgedeelte wat dien as genererende faktor en waartoe alle kategoriale kongruensiemorfeme teruggevoer kan word. Bg. stelling kan gemaak word o.g.v. die resultate van die volgende skrywers se navorsing:

2.4.1.1. Von Staden (1968, p.182)

(72)

"Naamwoorde van Bantoetale waarin beginvokale voorkom het in die algemeen 'n semantiese waarde om individuele besondere sake aan te dui indien

die beginvokaal gebruik word, terwyl dié daarsonder 'n waarde het om sake in 'n soortlike of onbepaalde hoedanigheid aan te dui".

Uit bg. aanhaling is dit dus duidelik dat die pre-prefiks slegs semantiese waarde het. Die feit dat die pre-prefiks weggelaat kan word dui ook op die feit dat dit geen deel het aan die morfologiese herleiding van kategoriale kongruensiemorfeme nie.

2.4.1.2. Givon (1969, p.43)

(73

Oor die "prefix-initial vowel" sê Givon: "Existing descriptions of this fascinating part of the grammar of ChiBemba either confine themselves to the morphology or else are inadequate or downright misleading".

Givon erken dus dadelik dat 'n studie van die pre-prefiks nie 'n morfologiese studie sal wees nie - dus geen morfologiese funksie vir die beginvokaal nie. Hy sê verder (p.43): "..... I

would like to show that the main semantic contrast involved here is that of referential vs. non-referential interpretation of the noun".

D.w.s. dat Givon net soos Von Staden hoogstens 'n semantiese funksie aan die pre-prefiks toeken.

2.4.1.3. Jordan (1966, p.24)

(74

Vir hom is die beginvokaal van die Xhosanaamwoord-prefiks nie deel van die "classifier" nie maar dat dit beslis 'n lidwoordelike funksie het ("definitive article") (Vgl. par. 36, hoofstuk 1).

In die lig van bogenoemde word dit ook hier aanvaar dat die pre-prefiks vir alle praktiese doeleindes buite rekening gelaat word in die bepaling van die morfologiese en fonologiese terugvoerbaarheid van die kategoriale kongruensiemorfeme. Die sg. "classifier" sal na verwys word as die naamwoord-prefiks.

2.4.2 Die naamwoordprefiks

(75)

A.g.v. die feit dat die klasprefiks deur fonologiese en morfologiese omstandighede in die stam 'n verskeidenheid van vorme aanneem, is dit nodig om te bepaal wat die normprefiks is. Daar kan net een basiese (norm) kongruent in die naamwoord wees.

Krüger (1968, p.1): "Elke klas word gekenmerk deur klasprefikse, waarvan een die norm is, terwyl die ander variante daarvan is". Hy noem egter ook dat 'n klasprefiks nie variante hoef te hê nie.

Vervolgens word gepoog om 'n klas-sifikasie te maak van die norm en variante van die naamwoordprefiks. Ter wille van volledigheid sal die pre-prefiks in hakies geskryf word.

2.4.2.1. Klas 1.

(76)

- (a) Norm: /(u) mu- / in (u)muntu = mens
- (b) Variant: (i) /(u)m- / in (u)mfana = seun

Bogenoemde variant ontstaan a.g.v. die meerlettergrepijheid van die naamwoordwortel en is dus 'n fonologiese variant.

(ii) /u-/ (Klas 1A) kan beskou word as 'n pre-prefiks volgens Von Staden (1968, p.16): "Eerstens blyk dit dat die prefiks /u-/ funksioneel ooreenstemming met pre-prefikse toon omdat dit in dieselfde sintaktiese verbande weggelaat of gebruik word en dat dit ook met ander vokale saamsmelt bv.

(na + ubaba) = /nA + Ubaba / = nobaba /
(ook vader)

Tweedens blyk dit dat in verwante Nguni-tale waarin geen pre-prefiks verskyn nie naamwoorde van klas 1a ook nie die prefiks /u-/ neem nie, bv. Noord-Transvaalse Ndebele/malume / 'oom' (teenoor Zoeloe / umalume) en Swazi /babe/ 'my vader' (teenoor Zoeloe /ubaba/).

Op grond van bogenoemde lyk dit dus

waarskynlik dat klas 1a se "prefiks"
/u-/ nie die vokaal van die klas se
"eintlike" prefiks /mu-/ is nie, maar
die pre-prefiks /u-/ van /umu-/".

2.4.2.2. Klas 2.

(77

(a) Norm: /(a)ba-/ in (a)bantu = mense

(b) Variante: (i): /(a)b-/ in (a)benzi =
doeners

Hierdie variant ontstaan a.g.v. die fonologie
omstandighede in die naamwoord-
wortel nl. /(a)ba-/ + enzi.

Die fonologiese struktuur /-VV-/ veroorsaak
die elisie van die /-a-/ van die
prefiks.

(ii) /(a)be-/ in (a) belungu =
blankes

Die prefiks is 'n variant a.g.v. die semantiese
aard van die naamwoordwortel.

Doke (1963, p.39): "These words indicate
tribes or guilds of work".

(iii) /o-/ (Klas 2A) in
ogogo = ouma's ouma-hulle

Wanger (1927, p.63) meen dat /o-/ diachronies
uit /aba-/ ontwikkel het op die vol-

gende wyse:

/aba-/ = /abo-/ = /awo-/ = /ao-/ = /o-/

Dien dien dus hier vermeld te word dat /o-/ 'n pre-prefigale morfeem is wat sy ontstaan te danke het aan 'n reduksie proses uit /(a)ba-/

2.4.2.3. Klas 3. (78)

(a) Norm: /(u)mu-/ in (u)muthi = boom

(b) Variant: /(u)m-/ in (u)mlilo = vuur

Die meerlettergrepigheid van die naamwoordwortel is die oorsaak vir die ontstaan van bogenoemde variant.

2.4.2.4. Klas 4. (79)

(a) Norm: /(i)mi-/ in (i)mizi = statte

(b) Variant: /(i)m-/ in (i)mmoya = geeste, winde.

Hier is 'n fonologiese oorsaak vir die die variant d.w.s. die elisie van -i- uit die struktuur /VKVK-/.

In die spreektaal is immoya egter ook

aanvaarbaar.

2.4.2.5. Klas 5.

(80)

(a) Norm: /(i)li-/ in (i)litshe = klip

(b) Variant: /i-/ in ihashi = perd

Die variant /i-/ verdien spesiale vermelding. Von Staden (1968, p.19) beweer dat dié sg. "verkorte prefiks" eintlik 'n pre-prefiks is. Hy gee twee redes:

(i) "Die prefikse van klasse 5 en 9 (en soms ook 11) neig in baie Bantoetale om weg te val, of daar beginvokale is of nie. Dit gebeur gewoonlik voor meerlettergrepige stamme, bv. in Noord-Sotho /lapa/ 'werf' (klas 5) en /pholo/ 'os' (klas 9).

In die lig hiervan lyk dit asof die "verkorte" prefikse van Zoeloe die pre-prefikse is terwyl die "eintlike" prefikse soos in bogenoemde gevalle weggeval het.

(ii) Die 'verkorte' prefikse word deurgaans in dieselfde gevalle weggelaat waar die pre-prefiks normaalweg wegval, bv.

/akukho vila/ 'daar is g'n luiaard nie'''

Von Staden noem ook dat veral by een-lettergrepige stamme dié pre-prefiks kan wissel (terugkeer) na die volvorm van die naamwoordprefiks (sonder sy beginvokaal). Daarom is vorms soos uthi x luthi en itshe x litshe onderskeidelik moontlik.

2.4.2.6. Klas 6. (81)

(a) Norm: /(a)ma-/ in (a)mavila = luiaards

(b) Variante: /(a)mE/ in (a)mehlo = oë

2.4.2.7. Klas 7. (82)

(a) Norm: /(i)si-/ in (i)sicathulo = skoen

(b) Variante: /(i)s-/ in (i)salukazi = ou-vrou

Die /s-/ is die resultaat van die fonologiese struktuur /VKVV-/ Die /-i-/ van /-si-/ elideer omdat die struktuur /-VV-/ ontoelaatbaar in Zulu is.

2.4.2.8. Klas 8. (83)

- (a) Norm: /(i)zi-/ in (i)zitsha = borde
 (b) Variant: /(i)z-/ in (i)zagila = knopkieries.
 Die oorsaak vir die ontstaan van hierdie variant is dieselfde as by klas 7.

2.4.2.9. Klas 9.

(84

- (a) Norm: /(i)n(i)-/ in (i)n(i)dlu = hut

Die oorspronklike vorm van die prefiks was /(i) n(i)-/ Van Eeden (1956, p.75): "Die oorspronklike vorm van die singularisprefiks was /(i)ni-/ maar die /-i-/ van die werklike prefiks tree glad nie meer op nie, sodat die huidige vorm net uit die nasaal voorafgegaan deur die aanvangs /-i/ bestaan".

- (b) Variante:

- (i) /(i)n-/ in (i)ndlovu = olifant

A.g.v. die feit dat die normprefiks /(i)n(i)-/ in onbruik geraak het kan die variant /(i)n-/ 'n "tweede norm" genoem word.

- (ii) /(i)m-/ in (i)mvu = skaap

- (iii) /(i)ŋ -/ in inkosi = koning

- (iv) /(i)ŋ -/ in inyoni = voël

Lg. drie (ii, iii en iv) is fonologies-bepaalde variante.

a.g.v. die labiale kenmerke van die daaropvolgende beginkonsonant van die naamwoordwortel.

Die prefiks /(i)m-/ is 'n variant van die tweede norm /(i)n-/

2.4.2.10. Klas 10.

(85)

(a) Norm: /(i)zi(N)-/: in (i)zindaba = sake
Van Eeden (1956, p.76 en 77) beweer dat hierdie eintlik 'n dubbele prefiks is, bestaande uit /(i)zi-/ (klas 8) + /(i)n-/ (klas 9). Dit is 'n aanvaarbare standpunt. (Vergelyk ook par. 104; 4.6)

(b) Variante:

(i) /(i)zim-/ in (i)zimbambo = ribbes

(ii) /(i)ziŋ-/ in izinkabi = osse

(iii) /(i)ziŋ-/ in izinyoni = voëls

Soos by klas 9 verteenwoordig lg. drie voorbeelde ook fonologiese variante van die norm-prefiks.

Nota: Die variante b. iii en iv (par. 84) en b. ii en iii (par. 85) sal nie in die tabelle aangetoon word nie. Die fonetiese verandering van /-n-/ na /-ŋ-/ en /-ŋ-/ word dus hierna weens die ontoëreikendheid van 'n gewone tikmasjien nie aangedui nie.

2.4.2.11. Klas 11.

(86)

(a) Norm: /(u)lu-/ in (u)luthi

(b) Variant: /u-/ in ufundu

Net soos t.o.v. klas 5 beweer Von Staden (p.19) dat die /u-/ variant eintlik die pre-prefiks is en dat /-lu/ nie gebruik word nie. Die feit dat /-lu/ soms wissel met /u-/ is 'n bewys dat dit die pre-pre-fiks is wat in die naamwoord as variant optree.

Klas 11 gebruik klas 10 as meervoud en word dus nie weer hier bespreek nie.

2.4.2.12. Klas 14.

(87

(a) Norm: /(u)bu¹/ in (u)buthongo = slaap

(b) Variant:

(i) /(u)b-/ in (u)bomi = blydskap

Dit is 'n fonologiese variant voor wortels en stamme wat met 'n vokaal begin. Elisie vind dus plaas.

(ii) /(u)tsh-/ in (u)tshani = gras

Van hierdie variant sê Van Eeden (1956, p.83): "In "utshwala" is die stam /-ala/ en dus moes die vorm van die nomen oorspronklik eintlik "ubwala" (ubu + ala) gewees het, maar 'n verbinding /bw/ pas nie en palatalisasie van /-b-/ het plaas=

gevind en is tot 'n palatale /-tsh-/ verander".

(iii) /u-/ in uthuvi = uitwerpsel
Von Staden (1968, p.18): "Wat klas 14 betref het slegs enkele naamwoorde net die vokaal /u-/ as prefiks". Bogenoemde /u-/ is volgens Von Staden net soos by klas 5 en 11 eintlik die pre-prefiks /u-/ van /(u)bu-/.
Klas 14 het geen korresponderende meervoud nie.

2.4.2.13. Klas 15. (88)

(a) Norm: /(u)ku-/ in (u)kukhanya = lig, skynsel.

(b) Variante:

(i) /(u)kw-/ in (u)kwazi = kennis

Hierdie is 'n fonologiese variant a.g.v. die feit dat die /-u-/ van /(u)ku-/ voor /-a-/ en /-e-/ van werkwoordstamme semi-vokaliseer tot /-w-/,

(ii) /(u)k-/ in (u)kona = beskadiging

Bogenoemde is ook 'n fonologiese variant

omdat /-u-/ voor /-o-/ elideer.

2.4.2.14. Klas 16.

(89)

(a) Norm: /pha-/ in phansi = onder

(b) Variant: /phAI-/ * /phe-/

Die variant tree op voor naamwoorde wat met /i-/ aanvang. Assimilasie vind plaas tussen a en i met die resultaat e bv.

phezulu (pha + izulu) = "bo"

Hierdie is 'n kombinatoriese variant a.g.v. die assimilasie tussen a en i.

2.4.2.15. Klas 17.

(90)

(a) Norm: /(u)ku-/ in (u)kunene.

In sekere woorde word die pre-prefiks glad nie gebruik nie bv.

kude = ver (weg)

Hier volg nou 'n skematiese tabel wat die normprefikse (wat die genererende faktor in die kongruent is) en variante saamvat.

Klas	Norm	V A R I A N T E									
		2 ^e Norm	Fonologiese Variante						Se- man- ties	Pre- pre- fik s	Re- duk- sie
			Eli- sie	Assi- mi- lasie	Labi- alise- ring	Pala- tali- sasie	Semi- vokali- sering	Let- ter- greep			
1 en 1A	(u)mu-		(u)m- (u)					(u)m-		Klas 1(a)u	
2 en 2A	(a)ba-		(a)b-						(a)be		Klas 2(a)o-
3	(u)mu-							(u)m-			
4	(i)mi-		(i)m-								
5	(i)li-		(-)							i-	
6	(a)ma-			(a)me-							
7	(i)si-		(i)s-								
8	(i)zi-		(i)z-								
9	(i)n(i)-	(i)n-			(i)m-						
10	(i)zi(N)-				(i)zim-						
11	(u)lu-		(-)							u-	
14	(u)bu-		(u)b-			(u)tsh-					
15	(u)ku-		(u)k-				(u)kw-				
16	pha-			phe-							
17	(u)ku-						(u)kw				

2.4.3 Die genererende faktor in die persoonlike voornaamwoord. (92)

2.4.3.1. 1^e persoon enkelvoud.

In mina is die genererende faktor /mi- / wat oënskynlik geen verwantskap met die kategoriale kongruensiemorfeem /ngi- / vertoon nie. Tog is /mi- / en ngi- / diachronies wel verwant, "soos 'n vergelykende studie van Bantoetale leer" (Van Eeden 1956, p.124).

2.4.3.2. 2^e persoon enkelvoud.

Die genererende faktor in wena is /u- / wat voor die vokaal /e/ semi-vokaliseer tot /w- /

/u- / kan dus beskou word as die norm.

2.4.3.3. 1^e persoon meervoud.

Net soos by die 1^e persoon enkelvoud is /thi- / in thina en sy kategoriale kongruensiemorfeem /si- / oënskynlik nie verwant nie. Etimologies is hulle volgens Van Eeden (1956, p.124) wel verwant.

2.4.3.4. 2^e persoon meervoud.

Die genererende faktor in nina is /ni-/
wat ook as die norm beskou kan word.

2.4.3.5. 3^e persoon enkelvoud.

Vergelyk par. 65 en 111 - 113.

In die volgende hoofstukke sal die kon-
gruensiemorfeme en hulle variante en
die basisstrukture waarin hulle optree,
bespreek word.

HOOFSTUK 3

Die kategoriale kongruensiemorfeme en die variasies wat dit in woordbepalings ondergaan.

3.1. Kenmerk kopiëring. (93)

Die kongruent-kenmerke, (semanties-kategoriale waardes, Krüger, 1967, p.19) genus, getal en persoon word op 'n implisiete of eksplisiete wyse (vgl. par. 40) d.m.v. 'n kategoriale kongruensiemorfeem op 'n sintakties-kombineerbare lid (met sekere semantiese verhouding) van 'n gekombineerde basisstruktuur gekopieer. Hierdie kategoriale kongruensiemorfeem kan in 'n basiese of variante vorm optree. Vormlike korrelasie tussen kongruent en kombineerbare lid is egter nie voorwaarde vir die kongruensieproses nie. Krüger, (1967, p.21): "Aan die anderkant bestaan daar ook dié moontlikheid dat kategoriale ooreenstemming (d.w.s. kongruensie) wel tussen dié woorde voorkom, maar sonder vormlike waarneembare korrelasie. Dit beteken dat hier óf 'n opheffing van die vormlike, óf 'n opheffing van die semantiese voorkom. D.w.s. kategoriale ooreenstemming

kom voor sonder vormlike korrelasie of geen ooreenstemming in 'n vorm, 'n kategoriale waarde nie. Te oordeel na wat gewoonlik in die taalsisteem gebeur, nl. dat die semantiese oor die vormlike domineer, blyk die eerste moontlikheid die waarskynlikste te wees".

bv. (A) bafana bayabona - Die seuns sien.
Vormlike korrelasie tussen lede.

Obaba bayabona - Vader-hulle sien.
Geen vormlike korrelasie tussen lede.

Uit bogenoemde kan dus afgelei word dat vormlike korrelasie tussen lede 'n toevallige kenmerk van die kongruensieproses is. Die feit dat naamwoorde uit een klas in 'n ander geïnkorporeer word, berus bloot op semantiese gronde (Vgl. Krüger, 1967, p.61).

3.2. Die primêre en sekondêre kategoriale kongruensiemorfeme.

(94

Die basiese of primêre kategoriale kongruensiemorfeme van die naamwoord is die normnaamwoordprefiks en in die geval van die persoonlike voornaamwoorde van die 1^e en 2^e persoon

is dit die voornaamwoordelike prefigale morfeme. Soos reeds gemeld tree hierdie kongruensiemorfeme nie altyd in hul basiese fonologiese vorms op nie (Vgl. par. 93).

Dit dien daarop gelet te word dat dit nie die aard van die gekombineerde sintaktiese kategorieë is wat die vorm van die basiese kategoriale morfeem determineer nie, maar wel hoofsaaklik sekere fonologiese en morfologiese omstandighede binne die spektrum van sintakties-kombineerbare taalelemente.

Die ouere Bantoeloë wou dat die kongruensiemorfeme "afgelei" (derived) word van die naamwoordprefiks of voornaamwoordelike prefigale morfeem. In werklikheid is dié normnaamwoordprefiks die basiese of primêre kategoriale kongruensiemorfeem. Sommige klasse (hoofsaaklik nasaalklasse) beskik oor 'n sekondêre kongruensiemorfeem (of normvariant) wat meer algemeen voorkom as die primêre vorm (Vgl. par. 248).

Wanneer dit in 'n ander vorm as die primêre of sekondêre vorm optree is dit 'n (verklaarbare)

variant. Krüger (1967, p.63): "Kategoriale ooreenstemming is altyd prefiks-bepaald (fonologies bepaald) maar is nie altyd prefiks-korrelerend nie".


3.3. Leksikale teenoor grammatiese waardes. (95

Vooraf is dit ook nodig om aandag te skenk aan die kwessie van leksikale waardes van die kongruent teenoor die grammatiese waardes daarvan want nie albei hierdie waardes word in die kongruensieproses verdiskonteer nie.

Genus, getal en persoon is die totaal van die grammatiese waardes van die kongruent in die kopiëringsproses. Die idiosinkratiese betekeniswaardes of leksikale betekeniswaardes van 'n woord het nie deel aan die kenmerke wat mede-aanwesig is in die gekopieerde basisstruktuur (woord- of woordgroepebepalings) nie.

In die volgende voorbeeld kan dié feit geïllustreer word.

Q



ukubona

(infinitief - "unlimited" as regards to number and person").

(m)ubona

(Vgl. Dik, 1968, p.89)

ihashi

Het ook Grammatiese waardes maar is weens sy gebruik in die sin nie ter sake nie.

Resultaat: Umfana ubona ihashi

(Die seun sien die perd).

Uit bogenoemde is dit dus duidelik dat die grammatiese waardes van umfana op die werkwoord gekopieer word d.m.v. die sekondêre kongruensiemorfeem (m)u- wat die onbeperktheid of onbepaaldheid van die infinitief ukubona ophef en verhef tot beperktheid of bepaaldheid van genus, getal en persoon.

Dit kan dus gesê word dat die leksikale waardes staties in die gegewe kategorie aanwesig bly sonder dat dit op 'n deelnemende kategorie gekopieer word, maar dat dit waarneembaar gemaak word deur die klasprefiks wat die kongruensiemorfeme genereer.

(97)

Die grammatiese waardes van die kongruent in 'n gegewe basisstruktuur is dus die gemeenskaplike betekenissenmerke of GGD van 'n bepaalde reeks naamwoorde. Die sg. GGD van 'n reeks of groep verwante leksikale waardes word waarneembaar gemaak deur die klasprefiks waaruit die kongruensieproses gekontinueer word. Hierdie GGD het egter mettertyd so vervaag dat dit in die taal van vandag slegs t.o.v. enkele klasse suiwer waarneembaar is. Givon (1969, p.14): "Although the

Bantu noun-gender system seems synchronically to be largely meaning free, traces of older semantic significance of this system stil abound and it is clear that at an earlier historical period this system represented a semantic categorization of the noun universe".

(98)

3.4. Van Rooyen se standpunt insake leksikale waardes.

Wat die semantiese gronde vir die indeling van naamwoordklasse betref, kan aangesluit word by Van Rooyen (November 1978, p.2 ev.) wat die basis vir indeling soek tussen die digotomiese enkelvoud/meervoud onderskeiding van Meinhof en 'n animistiese Afrika -georiënteerde siening van hoofsaaklik ene Ntite Mukendi wat TsjiLuba as moedertaal het. Die volgende paragrawe (99 - 107) is 'n verkorte weergawe van Van Rooyen se baie interessante siening.

- 3.4.1 Die umu-klasse (klas 1 en 2 ekv.) is vir Van Rooyen identiese prefikse wat woorde met 'n "dinamiese" semantiese waarde huisves. Die woord "dinamies" (99)

word egter in 'n baie wye sin gebruik en sluit alle dinge, lewend of nie-lewend, konkreet of abstrak - wat op een of ander wyse aan verandering onderhewig is of verandering kan veroorsaak, in. Van Rooyen wys daarop dat nie alleen deverbative as dinamies van aard beskou kan word nie maar ook woorde met suiwer naamwoordelike kwaliteit soos bv. umlilo (vuur), umuthi (boom) ens.

Die verskil in meervoudvorme van die umu-klas te wete aba- en imi- verklaar Van Rooyen soos volg:

3.4.2 Die aba-klas. (100

Die akteurs uit die umu-klas word in die meervoud in 'n aparte klas geplaas wat gekenmerk word deur die prefiks aba- wat klankmatig totaal verskil van umu-bv.

umhambi - (reisiger)
abahambi - (reisigers)

3.4.3 Die imi-klas (101

Die meeste ander naamwoorde kry in die meervoud die klasprefiks imi- wat klankmatig nader aan umu- staan. Die oorheersende kenmerk van die imi-klas blyk volgens Van Rooyen "veelvuldigheid" te wees eerder as "meervoudigheid". Baie van die umu- woorde kan bv. nie in die meervoud gebruik word nie bv. umusi (rook) en andersom bv. imidando (gerugte)

3.4.4 Die u- o- klas. (102)

(a) Van Rooyen noem die u- klas die "naamgeeklas". Alle dinge wat om een of ander rede nie in 'n ander klas 'n tuiste kan vind nie word volgens die skrywer in die klas geplaas asook baie leenwoorde en komposita. Wat van belang is, is dat Van Rooyen die terme "verwantskapsklas" en "subklas" onomwonde verwerp omrede die klas se potensiaal tot woordopneming selfs groter is as die umu-klas.

(b) Die o-klas beskryf Van Rooyen as semanties meervoud met die betekenis:

"een plus aanhanklikes". Van belang is verder dat 'n naamwoord met die semantiese kenmerk "mens" in die meervoud 'n beduidenis van groep-meervoudigheid kry bv. UPiti (Piet) - OPiti (Piet-hulle) met UPiti as die belangrikste persoon in die groep.

3.4.5 Die ili- ama- klas. (103)

Van Rooyen benader hierdie klas-groep vanuit die oogpunt dat die ama-klas die uitgangspunt is en nie as meervoud van die ili- klas nie. Hy volg hierdie benadering hoofsaaklik t.o.v. konkrete telbare dinge wat nie van 'n werkwoordstam afgelei is nie bv. amaqanda (eiers) omdat eiers in 'n voël nes altyd meer as een is. Dié klas is vir Van Rooyen 'n "samehorigheids-klas" sonder die noodwendigheid van 'n enkelvoudsonderskeiding.

Van Rooyen gebruik verder 'n verskeidenheid van voorbeelde om te bewys dat die ama- prefiks 'n ougmentatiewe betekenis

het soos o.a. in die volgende woorde met 'n abstrakte betekeniswaarde.

amahloni (sterk gevoel van skaamte)
amabheketwana (algehele deurmekaarspul)
amanga (infame leuens) ens.

In bogenoemde woorde het die prefiks nie 'n meervoudswaarde nie maar soos reeds genoem 'n ougmentatiewe semantiese aard.

Verder word die ama-prefiks ook gevind in woorde waarvan die betekenis vloei-bare papperige of viskeuse stowwe aandui: bv.

amanzi (water)
amazalo (dou)
amasi (dikmelk)

In teenstelling met bogenoemde kategorieë waar geen enkelvoudsonderskeiding voorkom nie bestaan daar tog in die samehorigheidskategorieë 'n natuurlike behoefte om te verenkelvoudig: bv.

amatshe * itshe (klip)
amabhubesi * ibhubesi (leeu) ens.

Die ili- klas het dus ontstaan uit die ama- klas en is die enkelvoudskategorie van ili- dus nie 'n voorafgaande kategorie vir die meervoud ama- nie.

Voorts huisves die ili- klas woorde waarvan die semantiese waarde mense is met negatiewe of selfs afstootlike persoonlikheidseienskappe
bv.

isela (dief)

igwala (lafaard) ens.

Wanneer hierdie woorde in die meervoud gebruik word dui dit op die "samehorigheid" van die sulkes in die menslike samelewing.

Die ili- klas huisves voorts ook woorde wat net soos die ama- klas sekere ougmentatiewe abstrakte betekeniswaardes omsluit,
bv.

iche (aanhoudende voorspoed)

igqi (sterk persoonlikheid) ens.

Laastens merk Van Rooyen op dat baie leenwoorde uit Afrikaans in die ili- klas voorkom
bv.

ifasitele (venster)

ilokwe (rok)

itafula (tafel) ens.

3.4.6 Die isi-)
 iN-) izi(N) - klasse (104
 ulu-)

(a) Die izi(N)- klas beteken volgens Van Rooyen bloot "meer as een" behalwe t.o.v. sekere woorde met 'n abstrakte betekeniswaarde. Daar bestaan volgens die skrywer t.o.v. die enkelvoudsvorme van die klas duidelike subkategorisering.

Aan die izi(N)- klas ken hy by implikasie die kategorie "diverse" toe. Die waarde van die izi(N)- klas word volgens Van Rooyen verdeel in abstrakta en konkreta. Die konkreta word dan onderverdeel in "menslik" en "nie-menslik". Wat die menslikheid betref raak dit die buitenge-

wone kwaliteite of eienskappe van mense
soos karaktereienskappe, omstandigheid,
intelligensie ens.

bv.

izimvumi (sangers)

izingcweti (begaafdes)

iziphukuphuku (dwase)

Volgens van Rooyen is die enkelvoudsvorme van bogenoemde woorde in die i(N)- klas o.g.v. fonologiese oorwegings. Die -(N) in izi(N)- het 'n i(N)- tot gevolg. Die vorm izi- het o.g.v. die afwesigheid van -(N)- die enkelvoud isi- tot gevolg, bv.

izangoma (waarsêers) - isangoma (ekv.)

Die semantiese inhoud het dus nie 'n invloed op die prefikskeuse nie maar alleen die fonologiese struktuur van die woord.

(b) Wat die semantiese inhoud van die nie-menslike kategorie betref noem Van Rooyen die volgende kategorieë:

(i) gebruiksmiddele of- voorwerpe
bv.

izimbazo (byle)

izikhali (wapens)

izigubhu (kalbasse)

(ii) kleinheid

bv.

izinzalo (afstammelinge)

izibeko (deposito's)

Dieselfde fonologiese reël wat van toepassing was by die "menslike" kategorie, is ook hier relevant,

bv. izinzalo (afstammelinge) - inzalo (ekv.)
maar

izibeko (deposito's) - isibeko (deposito)

Van Rooyen maak ook hier melding van die sg. "dierklas" in die nie-menslike kategorie van die izi(N)- klas. Hy erken egter die dierklas as sodanig nie weens die klein hoeveelheid "nutsdiere" wat in die klas verskyn en klassifiseer dié woorde in die nie-menslike kategorie as blote "gebruiksmiddele" (Vgl. b. i. par. 104 hierbo).

(c) 'n Derde semantiese sub-kategorie in die izi(N)- klas is woorde wat een of ander ougmentatiewe eienskap besit.

Van Rooyen verduidelik die begrip "ougmentatief" as iets groots, iets belangriks, ernstig, iets wat intensiteit openbaar of selfs vergroting in lengte bv.

(i) iziphepho (orkane) - isiphepho (ekv.)
izihabhuza (gapende wonde) - isihabhuza (ekv.)

(ii) Interessant verder is dat woorde met 'n ougmentatiewe semantiese aard wat in die izin- klas verskyn in die enkelvoud in die nuwe ulu- klas voorkom:
bv.

izingalo (arms) - ugalo (ekv.)
izinhlu (rye) - uluhlu (ekv.)
izingcingo (drade) - ugcingo (ekv.)

(d) Woorde in die nie-menslike kategorie van die izi(N)- klas met 'n abstrakte betekeniswaarde word in die enkelvoud

sonder voorbehoud in die i(N)-klas
geplaas en wanneer die stam deverbatief
van aard is, in die isi- klas,
bv.

izindaba (sake) - indaba (ekv.)

teenoor

izifundo (lesse) - isifundo (ekv.)

(e) Van Rooyen wys verder daarop
dat baie woorde van die ulu- klas geen
meervoudsvorm het nie, wat die outonome
selfstandige aard van die ulu- klas bewys
bv.

udumo (faam, roem)

uvalo (vrees) ens.

Van Rooyen bewys verder die ulu- klas
as 'n klas met woorde wat ook ougmenta-
tief van aard is deurdat sinonieme van
ulu-woorde nie dieselfde betekenis-in-
tensiteit openbaar nie,
bv.

udaba (ernstige saak)

maar

indaba (affêre)

ook

usizo (hulp in nood)

maar

iselekelelo (hulp van praktiese aard)

(f) Die isi- klas het vir Van Rooyen ook 'n eie aard en individuele bestaans-reg in die sin dat abstrakta in dié klas ook nie meervoudsvorme het nie.
bv.

isihle (goedhartigheid)

isinyu (ongewildheid) ens.

3.4.7 Die uku- klas. (105)

Die uku- klas is vir Van Rooyen belangrik in die sin dat dit soos in ander Bantoetale die reëlmatige infinitief-klas is waaruit baie ander klasse hulle stamme trek.

3.4.8 Die ubu- klas. (106)

(a) Die belangrikste kenmerk van dié klas is vir Van Rooyen dat dit die klas

van abstrakte begrippe is,
bv.

ubungcono (verbetering)
ubuvena (jou persoonlikheid) ens.

(b) Verder vul dié klas die ama- klas aan
t.o.v. woorde waarvan die betekenis tas=
bare dinge is van die papperige of vloei=
bare soort,
bv.

utshwala (bier)
ubulongwe (nat beesmis)
ubusi (heuning) ens.

(c) Selfs die woorde waarvan die be=
tekenis droog, skurf of korrelrig van
aard is kom in dié klas voor,
bv.

uboya (wol, hare)
utshani (gras)
ubuthethe (maaiers, miet, ens.)

(d) Laastens noem Van Rooyen die eien=
aardigheid dat woorde met die betekenis
van "klein meerkatagtige diere" ook in

die klas voorkom

bv.

<u>ubuhayi</u>	}	soorte meerkaaië
<u>ubuhala</u>		
<u>ububhibhi</u>		

3. 4.9 Opsigtelik van Van Rooyen se baie (107
interessante en insiggewende siening is
dat hy nie aandag gee aan die sg. "lo-
katiefklasse" nie en die afleiding kan
gemaak word dat die betekenisvaard van
woorde in dié klasse so opsigtelik
"plekaanduidend" is, dat hy dit as oor=
bodig en onnodig beskou het.

Wanneer dus melding gemaak word van (108
leksikale kenmerke van naamwoorde dan
veronderstel dit die semantiese aard
van die naamwoordstamme van die ver=
skillende klasse by monde van Van Rooyen
soos in die voorafgaande paragrafe be=
spreek en soos dit met uitsondering van
die "lokatiefklasse" skematies (p.22) voor=
gestel word. Dit moet egter baie duide=
lik gestel word dat dit nie hier gaan om
die korrektheid al dan nie van Van Rooyen

se bevindinge nie omrede dit eintlik die statiese leksikale komponent in die kongruensieproses verteenwoordig en dus kongruensie nie as sodanig beïnvloed nie.

(109

Vervolgens sal gepoog word om 'n beskrywing te gee van die kongruensieproseses soos dit in die verteenwoordigende woord- en woordgroepebepalings d.m.v. die primêre of sekondêre kongruensiemorfeme of variante vorme daarvan van elke klas en persone bewerkstellig word. Daarna sal 'n indeling (Hoofstuk 5) gemaak word om die ~~verskillende vorms van die kongruensiemorfeme~~ aan te dui.

3.5. Die kongruensieproses.

(110

Die werkwyse wat hier ~~gevolg sal word~~ is om elke woord- of woordgroepekategorie afsonderlik te bespreek en om die aard van die kopiërings- of kongruensieproses in die kombinasie vas te stel. Besondere aandag sal ook gegee word aan die vorm van die kongruensiemorfeme van elke afsonderlike klas.

3.5.1 Antesedent en woordbepalings.

(111

3.5.1.1. Naamwoord + absolute voor= naamwoord.

Die basiese struktuur van die absolute voornaamwoord is kategoriale kongruensie= morfeem en 'n voornaamwoordelike element -o- plus 'n voornaamwoordelike suffiks -na.

In die volgende tabel sal die kongruensie= proses verduidelik word. Vooraf is dit egter nodig om die absolute voornaam= woord van klas 1, nl. yena van naderby te beskou. Dit is moontlik dat klas 1 die enigste klas is wat nie oor 'n eie fonologies-herleibare absolute voornaamwoord beskik nie. Yena is die oorspronklike absolute voornaamwoord 3^e persoon enkel=voud wat gevorm kon wees uit 'n ou kategoriale morfeem /e/ of moontlik /i/ (wat fonologies verander na y-) wat gevolg word deur 'n voornaamwoordelike element -e- (wat trouens ook by wena aangetref) word + -na. Yena is dus basies 'n ab=

solute voornaamwoord van die 3^e persoon wat op grond van die enkelvoud- en genuskenmerke van klas 1 deur dié klas as absolute voornaamwoord "aanvaar" is. Die enigste moontlike verband wat tussen yena- en klas 1 aangedui kan word is dat /e-/ of /i/ beskou kan word as morfologiese variante van die sekondêre kongruensiemorfeem /u-/ en /y-/ as fonologiese variante van /e/ of /i/.

Bogenoemde hipotese word aangebied in (112) die lig van die feit dat Bantoeloë hierdie verskynsel nie bevredigend kon verklaar nie. (Vgl. bv. Van Eeden, 1956, p.123, 124): "... by yena is daar vooraan 'n element wat y geskryf word en wat nie ooreenstem met die korresponderende subjekskonkord (u-) nie".

Bogenoemde kan ook as bewys dien dat (113) kongruensie nie altyd prefiks- (vormlik) korrelerend is nie en dat vormlike korrelasie tussen lede bloot 'n toevallige kenmerk van die kongruensieproses is. (Vgl. p. xii vir lys van afkortings)

9.

wat gebruik sal word).

(114

	<u>Klas</u>	<u>Pkm</u>	<u>Skm</u>	<u>Absolute voornaamwoord</u>
1.	umu-	mu-	u-	<u>e-</u> / <u>i-</u> * <u>y</u> +e+na = yena
2.	aba-	ba-	-	b(a) * <u>b</u> +o+na = bona
3.	umu-	mu-	u-	u * <u>w</u> +o+na = wona
4.	imi-	mi-	i-	i * <u>y</u> +o+na = yona
5.	ili-	li-	-	l(i) * <u>l</u> +o+na = lona
6.	ama-	ma-	a-	a * <u>w</u> +o+na = wona
			a	* <u>(-)</u> +o+na = ona
7.	isi-	si-	-	s(i) * <u>s</u> +o+na = sona
8.	izi-	zi-	-	z(i) * <u>z</u> +o+na = zona
9.	in(i)	n(i)	i-	i * <u>y</u> +o+na = yona
10.	izi(n)	zi-	-	z(i) * <u>z</u> +o+na = zona
11.	ulu-	lu-	-	l(u) * <u>l</u> +o+na = lona
14.	ubu-	bu-	-	b(u) * <u>b</u> +o+na = bona
15.	uku-	ku-	-	k(u) * k * <u>kh</u> +o+na = khona
16.	pha-	pha-	ku-	k(u) * k * <u>kh</u> +o+na = khona
17.	uku-	ku-	-	k(u) * k * <u>kh</u> +o+na = khona

Die kongruensiemorfeem is in die laaste kolom van die tabel onderstreep.

N.a.v. bogenoemde tabel kan t.o.v. die volgende klasse enkele opmerkinge gemaak word:

Van Eeden (1956, p.123) sê van bona (en hy impliseer ook ander soortgelyke absolute voornaamwoorde) die volgende: "Dit moet duidelik wees dat dit verkeerdsou wees om die prefigale gedeelte bevattende die o, as 'n konkord te beskou. Wat wel 'n konkordiale element is, is die klasaanduidende deel wat vooraan die o optree en daarmee verbind het. Maar hierdie klasaanduidende element bv. die samestellende deel ba- van die pronomens bona van K1. 1 pl., is nie 'n konkord in die volle sin soos bv. die korresponderende subjeks- of predikatiewe konkord ba- nie; die klasaanduidende ba- gedeelte van bona het minder van 'n eie, selfstandige identiteit of individualiteit wat funksie en betekenis betref en het op 'n nouer wyse met die orige gedeelte van die woord waarvan dit deel uitmaak, verbind of saamgesmelt, as die predikatiewe konkord ba-. Trouens waar die konkordiale element net in 'n paar verskil-

lende soorte pronomina 'n samestellende deel vorm, kan die predikatiewe konkord deel uitmaak van 'n groot aantal verskillende (predikatiewe) woorde; vgl. byvoorbeeld die gebruik van die subjekskonkord ba- in verskillende predikatiewe soos: babona , bahamba , bayathanda, balapha, basemzini - om maar net 'n paar te noem.

Verder moet in gedagte gehou word dat daar ook dié funksionele verskil is dat die gedeelte van 'n pronomens wat ons hier die subjekskonkord noem, nie, soos 'n (werklike) subjekskonkord wat deel uitmaak van 'n predikatief, noodwendig na die subjek van 'n sin verwys en dit verteenwoordig nie; en dit geld ook vir hierdie formatief waar dit deel van 'n relatief en 'n possessief vorm".

In sy betoog hierbo bevraagteken (116 Van Eeden die verwysingswaarde van die b- van ba in bona wat ons 'n fonologiese variant van ba noem. Die kwan-

titatiewe minderwaardigheid van b- teen-
 oor ba- impliseer vir Van Eeden ook
 'n kwalitatiewe afname wat foutief kan
 wees. Die grammatiese waarde of
 semanties-kategoriale waarde van die
 kongruent abafana word d.m.v. ba- wat
 weens fonologiese omstandighede geredu-
 seer word tot b- selfstandig op die
 potensieel ontvangende kategorie absolute
 voornaamwoord gekopieer. Die self-
 standige identiteit of individualiteit moet
 nie in b- van ba- gesoek word nie maar
 in bona wat deur die gekopieerde kenmerke
 selfstandig gemaak is.

Bogenoemde mistasting van Van Eeden (117
 kan ook beter begryp word wanneer die
 resultate van Wilkes (1976, p.77) oor
 absolute v.nwe en demonstratiewe be-
 skou word. Hy sê: "Absolute voornaam-
 woorde vertoon op dieselfde wyse as
 demonstratiewe kongruensie met die be-
 trokke naamwoorde wat hulle emfaties
 bepaal en op grond waarvan hul ook son-
 der hulle antesedente in oppervlakstruk-
 ture kan verskyn. Wanneer absolute

voornaamwoorde sonder hulle antesedente optree, tree hulle inderdaad as voornaamwoorde op en is hierdie optrede ook in ooreenstemming met die opmerking wat vroeër gemaak is, naamlik dat pronominalisering in Zulu en waarskynlik die meeste ander Bantoetale, 'n pro-cum-delisie proses is". Wat Wilkes met "pro-cum-delisie" in gedagte het is nie baie duidelik nie maar die veronderstelling is dat dit dui op die afhanklikheid van 'n kongruent vir vorming, en selfstandigheid en onafhanklikheid van absolute voornaamwoorde wanneer dit sonder antesedente 'n funksie in 'n groter geheel vervul.

B. Klas 1 (a) en 2(a).

Hierdie klasse genereer beide respektiewelik klas 1 en 2 en sal daarom nie in die tabelle aangetoon word nie.

C. Klas 15.

(119)

Wat betref die absolute voornaamwoord khona van klas 15 dien dit vermeld te

word dat volgens Van Eeden (1956, p.123) en Engelbrecht (ongepubliseerde klas-aantekeninge 1938) die kh- te wyte is aan "hoofklem" of aksent wat met absolute voornaamwoorde gepaard gaan. Volgens Van Eeden is die absolute voornaamwoord van klas 15 dan inderdaad dialekties kona of khona. 'n Ander moontlike verklaring vir die aspirasie in kh lê moontlik in die feit dat 'n ongeaspireerde k in Zulu gewoonlik voorafgegaan word deur 'n nasaal n- soos bv.inja enkulu teenoor ihashi elikhulu.

Die afwesigheid van die nasaal n- voor die k- van die kongruensiemorfeem ku- kon dus aspirasie afgedwing het.

In die lig van bogenoemde twee moontlike oplossings kan k- en kh- respektiewelik as fonologiese en fonologies-fakultatiewe variante van die kongruensiemorfeem ku- beskou word.

D. Lokatiefklasse.

(120)

Van die ou lokatiefklasse t.w. pha-, uku-

en mu- (Van Eeden, p.90) het net een kategoriale kongruensiemorfeem ku- behoude gebly wat vir alle woorde met 'n plekaanduidende (ruimtelike) en/of soms tydaanduidende betekeniswaarde kongruensie determineer. Die grammatiese kenmerk "getal" is t.o.v. lokatiewe ook nie ter sake nie en sou die kenmerk getal-neutraal hier van toepassing wees.

Kh in khona kan dus weens die klem wat khona a.g.v. sy bywoordelike funksie dra, beskou word as 'n fonologiese variant van die basiese kongruensiemorfeme ku van hierdie klasse.

Opsomming.

In die onderstaande tabel kan die kongruensiemorfeme en hulle variante wat morfologies betrokke is by die vorming van absolute voornaamwoorde soos volg saamgevat word:

	<u>Klas</u>	<u>Pkm.</u>	<u>Skm.</u>	<u>Variante</u>		
				Mv	FV.	F/Fv
1.	umu-	mu-	u-	<u>e-/i-(y-)</u>	y-	-
2.	aba-	ba-	-	-	b-	-
3.	umu-	mu-	u-	-	w-	-
4.	imi-	mi-	i-	-	y-	-
5.	ili-	li-	-	-	l-	-
6.	ama-	ma-	a-	-	(-)-	-
7.	isi-	si-	-	-	s-	-
8.	izi-	zi-	-	-	z-	-
9.	i(n)i-	(n)i-	i-	-	y-	-
10.	izi(n)-	zi-	-	-	z-	-
11.	ulu-	lu-	-	-	l-	-
14.	ubu-	bu-	-	-	b-	-
15.	uku-	ku-	-	-	k-	kh-
16.	pha-	-pha	ku-	-	kh-	-
17.	uku-	ku-	-	-	kh-	-

3.5.1.2. Naamwoord + demonstratiewe. (122)

A. Die demonstratief afstand 1
 word gevorm deur die demonstratiewe
 element 1a + die sekondêre kongruensie=
 morfeem in die geval van die nasaal=
 klasse en die primêre kongruensiemorfeem

in die geval van die nie-nasaalklasse:

Klas.

- | | |
|-----|------------------|
| 1. | la + (m)u = lo |
| 2. | la + ba = laba |
| 3. | la + (m)u = lo |
| 4. | la + (m)i = le |
| 5. | la + li = leli |
| 6. | la + (m)a = la |
| 7. | la + si = lesi |
| 8. | la + zi = lezi |
| 9. | la + (n)i = le |
| 10. | la + zi = lezi |
| 11. | la + lu = lolu |
| 14. | la + bu = lobu |
| 15. | la + ku = lokhu |
| 16. | la + pha = lapha |
| 17. | la + ku = lokhu |

Ungerer (1975, p.101 en 102) noem dat (123) die demonstratiewe in geval van die nasaalklasse deur volledige assimilasië en in geval van die nie-nasaalklasse deur gedeeltelike assimilasië gevorm word. In die geval van klas 16 is geen assimilasië betrokke nie. Hieruit vloei nou voort dat in die kongruensie-

proses (waartydens die grammatiese kenmerke genus, getal (en by implikasie geslag-neutrale woorde) en persoon, op die deelnemende kategorie 'demonstratief' gekopieer word), die kategorieale kongruensiemorfeme sekere fonologiese veranderinge ondergaan of dit nou weens gedeeltelike of volledige assimilasië plaasvind al dan nie. Die vraag ontstaan nou hoe die kongruensiemorfeme fonologies in die kategorie demonstratief aangedui kan word. In die volgende tabel word die kongruensie voorlopig aangedui:

Klas.

(124

1. la + u = lo = (volledige assimilasië)
2. la + ba = laba = (geen assimilasië)
3. la + u = lo (volledige assimilasië)
4. la + i = le (volledige assimilasië)
5. la + li = leli (vokaalverhoging)
6. la + a = la (volledige assimilasië)
7. la + si = lesi (vokaalverhoging)
8. la + zi = lezi (vokaalverhoging)
9. la + i = le (volledige assimilasië)
10. la + zi = lezi (vokaalverhoging)
11. la + lu = lolu (vokaalverhoging)

14. la + bu = lobu (vokaalverhoging)
15. la + ku = lokhu (vokaalverhoging)
16. la + pha = lapha (geen assimilatie)
17. la + ku = lokhu (vokaalverhoging)

In die geval van die nasaalklasse (125)
 is die kongruensionele elemente in die
 demonstratiewe kategorie dus almal
 fonologies bepaalde morfeemvariante van
 die sekondêre kongruensiemorfeme nl.

(126)

<u>Klas</u>	<u>Skem.</u>	<u>Kongruensie in dem. A.1</u>
1.	u-	-o in <u>lo</u>
3.	u-	-o in <u>lo</u>
4.	i-	-e in <u>le</u>
6.	a-	-a in <u>la</u>
9.	i-	-e in <u>le</u>

Vgl. in verband met bogenoemde par. 130
 en 131.

(127)

Wat die nie-nasaalklasse betref is dit die
 primêre kongruensiemorfeme wat ook die
 kongruensie determineer in die demonstratiewe
 kategorie omdat daar óf geen assimi-
 lasie (klas 2 en 16) óf slegs vokaalver-
 hoging van die demonstratiewe element

plaasvind sonder fonetiese verandering van die kongruensiemorfeem. Dit dien egter vermeld te word dat -khu in lokhu van klas 15 en 17 weens die aspirasie= kenmerk as fonologiese variante beskou kan word van die primêre kongruensie= morfeem ku- van die klasse.

(128)

<u>Klas</u>	<u>Pkm.</u>		<u>Kongruensie in dem. A.1</u>
2.	ba-	in	la <u>ba</u>
5.	li-	in	le <u>li</u>
7.	si-	in	le <u>si</u>
8.	zi-	in	le <u>zi</u>
10.	zi-	in	le <u>zi</u>
11.	lu-	in	lo <u>lu</u>
14.	bu-	in	lo <u>bu</u>
15.	ku-	in	lo <u>khu</u> (variant)
16.	pha-	in	la <u>pha</u>
17.	ku-	in	lo <u>khu</u> (variant)

(129)

Dit is interessant om daarop te let dat die proses van vokaalverhoging of gedeeltelike assimilasie (Ungerer 1975, p.101) die gevolg het dat vir die demonstratiewe element la- die fonologiese variante le- en lo- ontstaan (let op klasse 5, 7, 8, 10, 11, 14, 15 en 17). Hierdie feit het

egter geen invloed op die kongruensieproses self nie.

(130)

Wat die nasaalklasse betref (klasse 1, 3, 4, 6 en 9) is dit onmoontlik om die kongruensiemorfeme in die demonstratief A. 1 aan te dui omdat dié morfeme nie fonologies spesifiseerbaar is nie (Vgl. par. 125 en 126). Waar die kongruensiemorfeme in demonstratief A. 1 alleen deel het aan die kenmerke genus, getal en persoon veroorsaak die fonologies onspesifiseerbaarheid van u, i en a in (1)o, (1)e en (1)a dat die kenmerk demonstratief Afstand 1 (hierdie / hier) deel word van die morfeme waarin kongruensie gedetermineer word. Om hierdie rede is dit wenslik om d.m.v. hoofletters die betrokke morfeme in 'n pre-assimilasie stadium aan te dui:

(131)

Klas.

1.	la + u * lo *	$\boxed{\boxed{1AU}}$
3.	la + u * lo *	$\boxed{\boxed{1AU}}$
4.	la + i * le *	$\boxed{\boxed{1AU}}$
6.	la + a * la *	$\boxed{\boxed{1AA}}$
9.	la + i * le *	$\boxed{\boxed{1AI}}$

In die vorming van die tweede afstand van die demonstratief veroorsaak die elisie van die eindvokaal van die demonstratief afstand 1 en vervanging met die demonstratiewe suffigale morfeem -o in die nienasaalklasse, 'n variasie van die primêre-kongruensiemorfeme en wel soos volg:

Klas.	<u>Afstand 1</u>	<u>Afstand 2</u>	(133)
1.	<u>lo</u>	<u>lowo</u>	(geen variasie)
2.	<u>laba</u>	<u>labo</u>	(variasie ba*b)
3.	<u>lo</u>	<u>lowo</u>	(geen variasie)
4.	<u>le</u>	<u>leyo</u>	(geen variasie)
5.	<u>leli</u>	<u>lelo</u>	(variasie li*l)
6.	<u>la</u>	<u>lawo</u>	(geen variasie)
7.	<u>lesi</u>	<u>leso</u>	(variasie si*s)
8.	<u>lezi</u>	<u>lezo</u>	(variasie zi*z)
9.	<u>le</u>	<u>leyo</u>	(geen variasie)
10.	<u>lezi</u>	<u>lezo</u>	(variasie zi*z)
11.	<u>lolu</u>	<u>lolo</u>	(variasie lu*l)
14.	<u>lobu</u>	<u>lobo</u>	(variasie bu*b)
15.	<u>lokhu</u>	<u>lokho</u>	(variasie ku* khu*kh)
16.	<u>lapha</u>	<u>lapho</u>	(variasie pha* ph)
17.	<u>lokhu</u>	<u>lokho</u>	(variasie ku* khu*ku)

Uit bogenoemde is dit duidelik dat by die nasaalklasse daar geen variasie by die afstand 2 demonstratief plaasvind nie.

C. Afstand 3. (134)

T.o.v. hierdie demonstratief is daar geen variasie nie a.g.v. die feit dat die blote aanvoeging van -ya aan afstand 1 geen invloed uitoefen op die fonologiese vorm van die kongruensiemorfeme nie.

Opsomming. (135)

Die kongruensiemorfeme en hulle variante soos dit voorkom in demonstratiewe word in die volgende tabel saamgevat.

	<u>Klas</u>	<u>Pkm.</u>	<u>Skm.</u>	<u>Fonologiese variante van die Pkm.</u>
1.	umu-	mu-	u-	-
2.	aba-	ba-	-	-b-
3.	umu-	mu-	u-	-
4.	imi-	mi-	i-	-
5.	ili-	li-	-	-l-
6.	ama-	ma-	a-	-
7.	isi-	si-	-	-s-

8. izi-	zi-	-	-z-
9. in(i)-	ni-	i-	-
10. izi(N)-	zi-	-	-z-
11. ulu-	lu-	-	-l-
14. ubu-	bu-	-	-b-
15. uku-	ku-	-	-kh-
16. pha-	pha-	ku-	-ph-
17. uku-	ku-	-	-kh-

(136

Die versoeking ontstaan nou om -o, -e en -a in lo, le en la te beskrywe as fonologiese variante van die sekondêre kongruensiemorfeme u-, i- en a- van klasse 1, 3, 4, 6 en 9 maar soos reeds beskrywe (par. 130, 131) het die assimilasieproses tussen die -a van la- en die sekondêre kongruensiemorfeme, die vokaalkongruensiemorfeme verskans. Die kongruensiemorfeme in demonstratief afstand 1 is dus die basiese sekondêre kongruensiemorfeme wat in 'n verskanste vorm in lo, le en la voorkom en is dus geen variante nie.

3.5.1.3. Naamwoord + kwantitatiewe voornaamwoorde.

(137

A. Naamwoord + inklusiewe kwantitatiewe voornaamwoorde.

Die struktuur van die inklusiewe kwantitatiewe voornaamwoord is kongruensiemorfeem + voornaamwoordelike element -o- + inklusiewe kwantitatiewe element -nke. A.g.v. die struktuur /VVK/ en /KVVK/ in bogenoemde vorme ontstaan daar sekere variante vorme van die kongruensiemorfeme wat die kenmerke genus, getal en persoon op dié kategorie kopieer. Dit word in die volgende tabel aangedui:

Klas	Pkm.	Skm.	Vorming
1.	mu-	u-	u * <u>w</u> +o+nke = wonke
2.	ba-	-	ba* <u>b</u> +o+nke = bonke
3.	mu-	u-	u * <u>w</u> +o+nke = wonke
4.	mi-	i-	i * <u>y</u> +o+nke = yonke
5.	li-	-	li * <u>l</u> +o+nke = lonke
6.	ma-	a-	a * (-) of <u>w</u> - +o+nke = onke
7.	si-	-	si * <u>s</u> +o+nke = sonke
8.	zi-	-	zi * <u>z</u> +o+nke = zonke
9.	(n)i-	i-	i * <u>y</u> +o+nke = yonke
10.	zi-	-	zi * <u>z</u> +o+nke = zonke
11.	lu	-	lu * <u>l</u> +o+nke = lonke
14.	bu	-	bu * <u>b</u> +o+nke = bonke
15.	ku	-	ku * <u>k</u> +o+nke = konke

<u>Klas</u>	<u>Pkm.</u>	<u>Skm.</u>	<u>Vorming</u>
16.	-pha	ku-	ku * <u>k</u> +o+nke = konke
17.	ku	-	ku * <u>k</u> +o+nke = konke

Uit die tabel hierbo is dit dus duidelik (139) dat fonologiese variante van die primêre en sekondêre kongruensiemorfeme in die inklusiewe kwantitatiewe voornaamwoorde voorkom. Hierdie fonologiese variante ontstaan by die nasaalklasse a.g.v. die semi-vokalisering van die sekondêre kongruensiemorfeme en by die nie-nasaalklasse a.g.v. elisie van die vokaal in die kongruensiemorfeem. Klas 6 se sekondêre kongruensiemorfeem a- elideer egter ook voor -o- en word aangedui as (-). Voorsiening is egter ook gemaak vir die alternatiewe vorm wonke.

Hierna volg 'n tabel waarin die kongruensiemorfeme van die inklusiewe kwantitatiewe voornaamwoorde aangedui is:

				(140)
	<u>Klas</u>	<u>Pkm.</u>	<u>Skm.</u>	<u>Fonologiese variante</u>
1.	umu-	mu-	u-	w- (semi-vokalisering)
2.	aba-	ba-	-	b- (elisie)
3.	umu-	mu-	u-	w- (semi-vokalisering)
4.	imi-	mi-	i-	y- (semi-vokalisering)
5.	ili-	li-	-	l- (elisie)
6.	ama-	ma-	a-	(-) (elisie) en w- (semi-vokalisering)
7.	isi-	si-	-	s- (elisie)
8.	izi-	zi-	-	z- (elisie)
9.	in(i)-	n(i)-	i-	y- (semi-vokalisering)
10.	izi(N)-	zi	-	z- (elisie)
11.	ulu-	lu-	-	l- (elisie)
14.	ubu-	bu-	-	b- (elisie)
15.	uku-	ku-	-	k- (elisie)
16.	pha-	-pha	ku-	k- (elisie)
17.	uku-	ku-	-	k- (elisie)

(141)

B. Naamwoord + eksklusiewe kwantitatiewe voornaamwoorde.

Die vorm van die eksklusiewe kwantitatiewe voornaamwoord en dié van die absolute voornaamwoord stem in dié mate ooreen dat albei gevorm word van 'n kategoriale kongruensiemorfeem plus respektiewelik 'n eksklusiewe voornaamwoordelike element- dwa en 'n voornaamwoor=

delike element -na. Die pre-assimilasie kombinasie wat ontstaan a.g.v. die ver- binding van die kongruensiemorfeme en die voornaamwoordelike element -o- (wat waar- skynlik dieselfde morfeem in beide voor- naamwoorde is) veroorsaak feitlik identiese fonologiese variante van die kongruensie- morfeme. Vooraf is dit egter eers nodig om die samestellende morfeme aan te toon:

<u>Klas</u>	<u>Pkm.</u>	<u>Skm.</u>	<u>Vorming</u>	(142)
1.	mu-	u-	e-/i- * <u>y</u> +e+dwa = yedwa (vgl. par. 111 en 112)	
2.	ba-	-	ba * <u>b</u> +o+dwa = bodwa	
3.	mu-	u-	u * <u>w</u> +o+dwa = wodwa	
4.	mi-	i-	i * <u>y</u> +o+dwa = yodwa	
5.	li-	-	li * <u>l</u> +o+dwa = lodwa	
6.	ma-	a-	a * <u>(-)</u> +o+dwa = odwa	
7.	si-	-	si * <u>s</u> +o+dwa = sodwa	
8.	zi-	-	zi * <u>z</u> +o+dwa = sodwa	
9.	(n)i-	i-	i * <u>y</u> +o+dwa = yodwa	
10.	zi-	-	zi * <u>z</u> +o+dwa = zodwa	
11.	lu-	-	lu * <u>l</u> +o+dwa = lodwa	
14.	bu-	-	bu * <u>b</u> +o+dwa = bodwa	
15.	ku-	-	ku * <u>k</u> +o+dwa = kodwa	
16.	-pha	ku-	ku * <u>k</u> +o+dwa = kodwa	
17.	ku-	-	ku * <u>k</u> +o+dwa = kodwa	

Ziervogel (1967, p.66) beskou die element -o- asook die alternatiewe -e- van klas 1 as deel van die kongruensiemorfeem. Hy noem ye, so-, lo- ens. die "respective concords" wat nie korrek kan wees nie omdat die -o- en -e- nie deel het aan die grammatiese kenmerke van genus, getal en persoon nie. Die eksklusiewe kwantitatiewe voornaamwoord het net soos die ander woordbepalings as totaliteit ná kopëring deel aan die kenmerke genus, getal en persoon.

Die enigste fonologiese verskil tussen die kongruensiemorfeme in die absolute voornaamwoorde en die eksklusiewe kwantitatief kom voor in klasse 15, 16 en 17 waar die primêre kongruensiemorfeem ku- nie die fonologiese variant kh- (soos in khona) vertoon nie, maar slegs k- soos in kodwa.

Hieronder volg 'n tabel waarin die kongruensiemorfeme van die eksklusiewe kwantitatiewe voornaamwoorde aangedui

word:

(145

<u>Klas</u>	<u>Pkm.</u>	<u>Skm.</u>	<u>Variante</u>	
			Fv.	Mv.
1.	mu-	u-	y-	e- / i-(y-)
2.	ba-	-	b- (elisie)	-
3.	mu-	u-	w- (semi-vokali- sering)	-
4.	mi-	i-	y- (semi-vokali- sering)	-
5.	li-	-	l- (elisie)	-
6.	ma-	a-	(-) (elisie)	-
7.	si-	-	s- (elisie)	-
8.	zi-	-	z- (elisie)	-
9.	(i)n-	i-	y- (semi-vokali- sering)	-
10.	zi-	-	z- (elisie)	-
11.	lu-	-	l- (elisie)	-
14.	bu-	-	b- (elisie)	-
15.	ku-	-	k- (elisie)	-
16.	v'-pha	ku-	k- (elisie)	-
17.	ku-	-	k- (elisie)	-

Vgl. par. 121 t.o.v. klas 1. yedwa / yena.

3.5.1.4. Demonstratieve lokatieve kopu- (146
latiewe.

Hierdie woorde wat Van Eeden (1956, p. 442) demonstratief adverbiale kopulatiewe noem, kan nie beskou word as kwalifikatiewe woordbepalings van die antesedent nie. Dit word egter hier behandel omrede hulle as onafhanklike woorde selfstandig kan optree en omrede kongruensie met die naamwoordklasse aangetoon kan word. Wanneer die benaming van dié woordkategorie van naderby beskou word dan wil dit voorkom asof hulle as demonstratiewe beskou kan word o.g.v. die voorkoms van die demonstratiewe elemente wat in die woorde voorkom nl.:

(a) na- wat beskou kan word as 'n demonstratiewe element van die demonstratiewe voornaamwoorde bv. lo * lona vir A1, klas 1 ens. Dit kan natuurlik ook dieselfde voornaamwoordelike element wees in absolute voornaamwoorde bv. sona vir klas 4 ens.

(b) -o t.o.v. trap 2 kan met redelike sekerheid beskou word as dieselfde demonstratiewe suffigale morfeem wat in

gewone demonstratiewe Afstand 2 aangetref
word

bv.

lesi * leso

leli * lelo ens.

(c) -ya t.o.v. trap 3 is dieselfde demon=
stratiewe suffigale morfeem wat in gewone
demonstratiewe afstand 3 aangetref word
bv.

lesi / leso / lesiya

leli / lelo / leliya ens.

Uit bogenoemde kan afgelei word dat (147
hierdie woorde dus duidelike demonstra=
tiewe is. Om verder die term lokatiewe
daaraan te heg, blyk onnodig te wees omrede
demonstratiewe in dié geval t.o.v. hier,
daar en doer as relatiewe posisies reeds
lokaliteit impliseer. (Vgl. Ungerer, 1975,
p.51e.v.)

(148
Die kopulatiewe element in dié woordkatego=
rie kan volgens Van Eeden (1956, p.443 ev.)
basies gevind word in die kopulatiewe n(i)

wat 'n verskeidenheid van veranderinge
en aanpassings ondergaan het.

Die kongruensiemorfeme van die kopula=
tiewe demonstratiewe word in die volgende
herleidingstabel aangetoon.

(149)

Klas	Pkm.	Skm.	Dem. <u>ele</u> = ment	Kop.= element	Kongr. mf.	Trap 1	Alt. Trap1
1.	mu-	u-	<u>na</u> +	<u>n(i)</u> +g	<u>u</u>	nangu	-
2.	ba-	-	<u>na</u> +	<u>n(i)*m</u>	ba* <u>pa</u>	nampa	namba
3.	mu-	u-	<u>na</u> +	<u>n(i)</u> +g*k	<u>u</u>	nanku	n angu
4.	mi-	i-	<u>na</u> +	<u>n(i)</u> +g*k*s	<u>i</u>	nansi	-
5.	li-	-	<u>na</u> +	<u>n(i)</u> +	li*di* <u>ti</u>	nanti	-
6.	na-	a-	<u>na</u> +	<u>n(i)</u> +g*k	<u>a</u>	nanka	nanga
7.	si-	-	<u>na</u> +	<u>[n(i)]</u> +	<u>si</u>	nasi	nansi
8.	zi-	-	<u>na</u> +	<u>[n(i)]</u> +	<u>zi</u>	nazi	nanzi
9.	i(n)-	i-	<u>na</u> +	<u>n(i)</u> +g*k*s	<u>i</u>	nansi	-
10.	zi-	-	<u>na</u> +	<u>[n(i)]</u> +	<u>zi</u>	nazi	nanzi
11.	lu-	-	<u>na</u> +	<u>n(i)</u> +	lu*du* <u>tu</u>	nantu	-
14.	bu-	-	<u>na</u> +	<u>n(i)*m</u> +	bu* <u>pu</u>	nampu	nambu
15.	ku-	-	<u>na</u> +	<u>[n(i)]</u> +	<u>k(h)u</u>	nakhu	nanku
16.	-pha	ku-	<u>na</u> +	<u>[n(i)]</u> +	<u>k(h)u</u>	nakhu	nan ku
17.	ku-	-	<u>na</u> +	<u>[n(i)]</u> +	<u>k(h)u</u>	nakhu	nanku

Van Eeden (1956, p.443 - 445) gee 'n (150

hipotetiese beskrywing van die aard van

die kopulatiewe element waarop nie ingegaan sal word nie omrede dit nie kongruensie beïnvloed nie.

Van kongruensie in die demonstratiewe (151
kopulatiewe sê Van Eeden (p.445, 446)
die volgende: "..... en 'n element
(wat konkordiaal van aard is) gelyk
aan 'n nominale klas se subjekskonkord
of, wat betref die nasaalprefiksklasse
wat (tans) net 'n vokaal (nl. u-, i- en
a-) as subjekskonkord het, 'n vroeëre
vorm van die subjekskonkord wat (soos
die vergelykende Bantoetaalkunde leer)
ook 'n konsonant vooraan die vokaal wat
vandag as subjekskonkord dien, bevat
het".

Die konkordiale elemente waarvan Van
Eeden (p.445) melding maak, is dus die
kongruensiemorfeme wat in basiese of
variante vorme die kategoriele kenmerke
genus, getal en persoon op dié demon-
stratiewe kopulatiewe kopieer.

Wanneer die Trap 2 vorm van die (152

demonstratiewe ontleed word, dan blyk dit dat a.g.v. die vervanging van die eindvokaal met die trap 2 element -o, die kongruensie= morfeem of verdwyn of 'n variasie ondergaan.

Vgl. die volgende tabel:

<u>Klas</u>	<u>Trap 1</u>	<u>Trap 2</u>	<u>Variante</u>
1.	nangu	*	nango
2.	nampa	*	nampo
3.	nanku	*	nanko
4.	nangi	*	nango
5.	nanti	*	nanto
6.	nanka	*	nanko
7.	nasi	*	naso
8.	nazi	*	nazo
9.	nansi	*	nango
10.	nazi	*	nazo
11.	nantu	*	nanto
14.	nampu	*	nampo
15.	nakhu	*	nakho
16.	nakhu	*	nakho
17.	nakhu	*	nakho

In bogenoemde tabel kan opgemerk word dat in die nasaalklasse (klasse 1, 3, 4, 6

en 9) die kongruensie in die trap 2 woorde verdwyn. By die nie-nasaalklasse ontstaan a.g.v. die elisie van die eindvo-kaal, die aangeduide fonologiese variante.

(155)

A.g.v. die feit dat -ya by die aanvoeging aan trap 1 vir trap 3, geen variasie van die kongruensiemorfeme tot gevolg het nie, word dit nie hier aangebied nie.

In die volgende tabel word die kongruensiemorfeme van die demonstratiewe kopulatiewe aangedui.

Klas	Pkm.	Skm.	Fonologiese Variante.	(156)
1.	mu-	u-	(-)	
2.	ba-	-	-pa en -p-	
3.	mu-	u-	(-)	
4.	mi-	i-	(-)	
5.	li-	-	-ti en -t-	
6.	ma-	a-	(-)	
7.	si-	-	-s-	
8.	zi-	-	-z-	
9.	in-	i-	(-)	
10.	zi-	-	-z-	
11.	lu-	-	-tu en -t-	
14.	bu-	-	-pu en -p-	
15.	ku-	-	-khu en kh-	
16.	-pha	ku-	-khu en kh-	
17.	ku-	-	-khu en -kh-	

Laastens kan opgemerk word dat hier =
die woorde (vgl. par. 146) eintlik dus
demonstratiewe kopulatiewe predikate
genoem kan word.

HOOFSTUK 4.

Die kategoriale kongruensiemorfeme en hulle variasies in die woordgroepebepalings.

4.1 Kwalifikatiewe betrekkingswoord = (158 groepe.

Die kwalifikatiewe betrekkingswoord kan 'n verskeidenheid van komplementtipes (vgl. Ungerer, 1975, p.181) neem maar vir die doeleindes van die kongruensieproses sal slegs op die naamwoordelike en werkwoordelike komplemente gekonsentreer word.

Die rede hiervoor is dat die ander komplementtipes nie kongruensionele variasies tot gevolg het nie.

4.1.1. Die kwalifikatiewe betrekkingswoord en kongruenste. (159

Voordat oorgegaan word tot die beskrywing van die kongruensieproses in dié groepe, is dit nodig om die kwalifikatiewe betrekkingswoord wat die grammatiese kenmerke as inleidende lid op

die deelnemende kategorie kopieer, te
 ondersoek. Dit gaan hier egter nie oor
 die diachroniese ontwikkeling van die be-
 trekkingswoord nie (vgl. Ungerer, 1975,
 p.76 e.v.) maar alleenlik om die fono-
 logiese spesifiseerbaarheid van die kon-
 gruensiemorfeme wat die grammatiese
 kenmerke laat kontinueer. Ungerer (1975,
 p.102 en 105) tabuleer die volgende onder-
 skeid tussen, wat hy noem 'n kort en lang-
 vorm van die kwalifikatiewe betrekking-
 woord soos dit tereg ook uit die demonstra-
 tief (vgl. par. 122 e.v.) ontwikkel het:

<u>Kvas</u>	<u>Lang vorm</u> <u>(Volvorm)</u>	<u>Kortvorm</u> (160) <u>(Verkorte vorm)</u>
1 ekv.	lo * o	* o
mv.	laba * aba	* a
2 ekv.	lo * o	* o
mv.	le * e	* e
3 ekv.	leli * eli	* e
mv.	la * a	* a
4 ekv.	lesi * esi	* e
mv.	lezi * ezi	* e
5 ekv.	le * e	* e
mv.	lezi * ezi	* e
6 ekv.	lolu * olu	* o
mv.	lezi * ezi	* e
7	lobu * obu	* o
8	lokhu * oku	* o

Uit bogenoemde tabel kan afgelei word dat alleen die nie-nasaalklasse oor 'n langvorm (volvorm) beskik en dat daar by die nasaalklasse geen variasie voorkom nie.

In die volgende tabel sal die kongruensiemorfeme in die kwalifikatiewe betrekkinge woorde geïsoleer word. Waar die morfeme fonologies nie spesifiseerbaar is nie, sal dit d.m.v. hoofletters in 'n pre-assimilasiedium aangedui word. (Vgl. par. 130 en 131)

<u>Klas</u>	<u>Langvorm</u> <u>(Volvorm)</u>	<u>Kortvorm</u> <u>(Verkorte vorm)</u>
1 ekv.	o * [AU]	dieselfde
mv.	aba	a(ba)- Geen kongruensie.
2 ekv.	o * [AU]	dieselfde
mv.	e * [AI]	dieselfde
3 ekv.	eli	e(li) - Geen kongruensie.
mv.	a * [AA]	dieselfde
4 ekv.	esi	e(si)- Geen kongruensie.
mv.	ezi	e(zi)- Geen kongruensie.
5 ekv.	e * [AI]	dieselfde
mv.	ezi	e(zi)- Geen kongruensie.
6 ekv.	olu	o(lu)- Geen kongruensie.
mv.	ezi	e(zi)- Geen kongruensie.
7	obu	o(bu)- Geen kongruensie.
8	oku	o(ku)- Geen kongruensie.

Dit wil dus voorkom asof daar in die verkorte vorm van die nie-nasaal gevalle geen kongruensie aantoonbaar is nie en dat die kwalifikatiewe betrekkingsswoorde in dié gevalle slegs die demonstratiewe semantiese waarde laat kontinueer in die deelnemende kategorie. Die deelnemende kategorie bevat egter reeds 'n kongruensiemorfeem wanneer die verkorte vorm gebruik word.

bv. abantu a (geen kongruensie) + bahle
(kongruensie in ba-) * abantu abahle =

mooi mense, teenoor

umfana o (kongruensie in AU) + mkhulu

(kongruensie in m-) * umfana omkhulu =

die groot seun.

(162

4.1.2. Die kwalifikatiewe betrekkingsswoord-groep met gewone beskrywende naamwoorde as komplemente.

Die struktuur van so 'n groep bestaan uit die volgende samestellende elemente:

Antesedent (wat die kongruensie determineer)

+ kw. bw. (verkorte vorm) + kategoriale

kongruensiemorfeem (indien nie ook vervat in

die kw.bw.) + die beskrywende naamwoord

wat nie in die tabel genoem sal word nie.

<u>Klas</u>	<u>Ant. pref.</u>	<u>Kw.bw.</u>	<u>Kkm.</u>	(163
1 ekv.	umu-	o	-	
mv.	aba-	a	ba	
2 ekv.	umu-	o	-	
mv.	imi-	e	-	
3 ekv.	ili-	e	li	
mv.	ama-	a	-	
4 ekv.	isi-	e	si	
mv.	izi-	e	zi	
5 ekv.	in-	e	-	
mv.	izin-	e	zi	
6 ekv.	ulu-	o	lu	
mv.	izin-	e	zi	
7	ubu-	o	bu	
8	uku-	o	ku	

Uit bogenoemde tabel kan opgemerk (164
word dat die kategoriale kongruensiemorfeme
in die nasaalklasse in 'n geassimileerde vorm
in die kw.bw. voorkom maar dat dit in die
nie-nasaalklasse a.g.v. die afwesigheid van
kongruensie in die kw.bw. in 'n /KV/ vorm
voorkom en wel as 'n definiërende kopula-
tiewe betrekkingwoord.

In die volgende tabel word die kon- (165

gruensiemorfeme wat betrokke is by dié woordgroep getabuleer.

<u>Klas</u>	<u>Pkm.</u>	<u>Skm.</u>	<u>Variante</u>
1. umu-	-	[AU] * o (<u>u</u> in o)	GEEN
2. aba-	<u>ba</u> -	-	
3. umu-	-	[AU] * o (<u>u</u> in o)	
4. imi-	-	[AI] * e (<u>i</u> en e)	
5. ili-	<u>li</u> -	-	
6. ama-	-	[AA] * a (<u>a</u> in a)	
7. isi-	<u>si</u> -	-	
8. izi-	<u>zi</u> -	-	
9. in(i)	-	[AI] * e (<u>i</u> en e)	
10. izi(N)-	<u>zi</u> -	-	
11. ulu-	<u>lu</u> -	-	
14. ubu-	<u>bu</u> -	-	
15. uku-	<u>ku</u> -	-	

Soos reeds genoem (par. 136) kan die (166 kwalifikatiewe betrekkingwoord van die nasaalklasse moontlik beskou word as fonologiese variante van die sekondêre kongruensiemorfeme maar omdat dit in 'n variante vorm daarin voorkom, sou dit foutief wees.

4.1.3. Die kwalifikatiewe betrek- (167
kingswoordgroep met veranderlike (beskry-
wende) naamwoorde (Ungerer, 1975, p.179)
as komplemente.

Die struktuur van hierdie groep bestaan uit die volgende elemente:

Antesedent (wat die kongruensie determineer) + kw.bw. (verkorte vorm) + kategoriale kongruensiemorfeem + die veranderlike naam = woord wat nie genoem word nie.

(168)

<u>Klas.</u>	<u>Ant. pref.</u>	<u>Kw.bw.</u>	<u>Kkm.</u>
1.	umu-	o	m(u)-
2.	aba-	a	ba-
3.	umu-	o	m(u)-
4.	imi-	e	mi-
5.	ili-	e	li-
6.	ama-	a-	ma-
7.	isi-	e	si-
8.	izi-	e	zi(n)-
9.	in(i)-	e	n-
10.	izi(N)-	e	zin-
11.	ulu-	o	lu-
14.	ubu-	o	bu-
15.	uku-	o	ku-

Wat klas 8 betref wil dit voorkom asof (169)
 die kategoriale kongruensiemorfeem na
 analogie van die gebruik van -zin- in
 klas 10 ook 'n -n kan bykry (Vgl. Van
Eeden, 1956, p.152)

'n Interessante feit kom uit bogenoemde (170)
 tabel na vore naamlik dat daar in die
 nasaalklasse sprake is van dubbele kon-
 gruensie deurdat die sekondêre kongruen-
 siemorfeem in verskanste vorm in die
 kw.bw. voorkom asook in 'n primêre (en
 variante) vorm in die kategoriale kongruen-
 siemorfeem (prefiks) voor die veranderlike
 naamwoord. Vergelyk die volgende voorbeel-
 de:

4.1.3.1. Nasaalklas met 'n enkellet- (171)
tergrepige veranderlike naamwoord as
komplement

bv.

umfana omuhle (die mooi seun)

umfana [AU] * o + mu + hle waar
 kongruensie in -u en mu voorkom.

4.1.3.2. Nasaalklas met 'n meerlet- (172)

tergrepige veranderlike naamwoorde
as komplement.

bv.

umfana omkhulu (die groot seun)

umfana [AU] * o + m(u) + khulu waar
kongruensie in -u en m(u) voorkom.

4.1.3.3. Nie-nasaalklas.

(173)

bv.

abafana abakhulu (die groot seuns)

a.bafana a + ba + khulu waar kongruensie
in a- afwesig is maar deur ba- alleen ge-
kontinueer word.

In die volgende tabel word die kon- (174)
gruensiemorfeme van dié woordgroep
aangedui:

<u>Klas</u>	<u>Pkm.</u> <u>2^e kongr.</u>	<u>Skm.</u> <u>1^e kongr.</u>	<u>Variante</u>
1. umu-	mu-	[AU] * o (<u>u</u> in o)	m- (voor meer= lettergrepige ver. nwe.)
2. aba-	ba-	-	-
3. umu-	mu-	[AU] * o (<u>u</u> in o)	m- (voor meer= lettergrepige ver. nwe.)
4. imi-	mi-	[AI] * e (<u>i</u> in e)	-
5. ili-	li-	-	-

6. ama-	ma-	[AA] * a (a in a)	-
7. isi-	si-	-	-
8. izi-	zi-	-	zin-(Fakultatief) zim-(Fonologies)
9. in(i)	ni-	[AI] * e (i in e)	m(i)-(Fonologies)
10. izi(N)-	zi(n)-	-	zim-(Fonologies)
11. ulu-	lu-	-	-
14. ubu-	bu-	-	-
15. uku-	ku-	-	-

Klas 1 en 3 het elk 'n variant m- in (175)
die tweede kongruensiemorfeem voor meer=
lettergrepige veranderlike naamwoorde
bv.

umfana omuhle x umfana omkhulu
umuthi omude x umuthi omkhulu

Klas 8 vertoon 'n fakultatiewe fonologiese
variant zin- voor veranderlike naamwoorde
wat met 'n konsonant aanvang, en 'n fono=
logiese variant zim- voor veranderlike
naamwoorde wat met labiale konsonante
aanvang,
bv.

izikole ezikhulu (groot skole) - Normaal
izikole ezinkulu (groot skole) - Fonologies
fakultatiewe (Dit kan dus wissel met die

normale vorm)

izikole ezimbili (twee skole) - Fonologiese variant.

Klas 9 het ook 'n fonologiese variant m-
voor veranderlike naamwoorde wat met
labiale konsonante begin
bv.

inja enkulu x inja embi
(groot hond) (slegte hond) (Vgl. par. 84,85)

4.1.4. Die volvorm (langvorm) van (176
die kwalifikatiewe betrekkingwoord as
inleidende lid van 'n kwalifikatiewe be-
trekkingwoordgroep.

Ungerer (1975, p.107) gee onder andere
die volgende voorbeeld van die gebruik van
die volvorm (vgl. par. 160) van die kwalifi-
katiewe betrekkingwoord:

Abantu ababukhulu bunjalo
(Mense wie se grootheid so is)

Wanneer hierdie groep vergelyk word met
die groepe wat in 4.1.3. en 4.1.4. hierbo
bespreek is, kom daar interessante aflei-

dings na vore:

In die groepe;

(177

- a. abafana abagotho (eerlike seuns / seuns wat eerlik is)
- b. abafana abakhulu (groot seuns)
- c. abantu ababukhulu bunjalo (mense wie se grootheid so is),

bestaan die kwalifikatiewe betrekkingswoord= groep respektiewelik uit:

- a. kw.bw. a + pkm. ba + beskrywende naam= woord - gotho
- b. kw.bw. a + pkm. ba + veranderlike naam= woord - khulu
- c. kw.bw. a + pkm. ba + selfstandige naam= woord - bukhulu

In bogenoemde drie groepe word kongruensie telkens bewerkstellig deur die primêre kongruensiemorfeem ba maar afhangende van die komplementtipe, het elkeen 'n ander terminologiese benaming:

- a. a = kw.bw. (verkorte vorm)
ba = kopulatiewe betrekkingswoord.

b. a = kw.bw. (verkorte vorm)

ba = prefiks klas 2.

c. aba = kw.bw. (langvorm)

~~Hieruit~~ kan die volgende afleidings ge- (178
maak word:

A. Dit is die komplementtipe van die
betrekkingswoordgroep wat die funksie
van die kongruensiemorfeme bepaal en

B. Dit is verdere bewys dat kongruensie
nie 'n verbandstigende middel is nie maar
bloot 'n voorwaarde vir groepvorming.

4.1.5. Kwalifikatiewe betrekkingswoord met werkwoorde as komplemente.

Die kongruensieproses in hierdie groepe is
relatief eenvoudig en kom hoofsaaklik ooreen
met die groepe met beskrywende naamvoor=
delike komplemente met uitsondering van die
indirekte konstruksie waar daar t.o.v. klas 1
morfologiese variasie voorkom.

4.1.5.1. Direkte konstruksies. (179

Die struktuur van die kopulatiewe betrek=

kingswoordgroep met 'n werkwoord as komplement, waar daar 'n direkte verhouding tussen antesedent en komplement bestaan, sien soos volg daaruit:

Antesedent (wat die kongruensie determineer)
+ kw.bw. (+ kategoriale kongruensiemorfeem
in geval van nie-nasaalklasse) + werkwoord
+ suffiks -yo,

bv.

Umfana ohambayo - Die seun wat loop

Abafana abadlalayo - Die seuns wat speel

A.g.v. die feit dat die foneemstruktuur van die komplementêre werkwoord die fonologiese vorm van die kongruensiemorfeme kan beïnvloed, moet verder vooraf 'n onderskeid getref word tussen werkwoordkomplemente wat met 'n konsonant aanvang, en die wat met 'n vokaal aanvang.

bv.

hamba teenoor osa / akha of enza

Die werkwoord + -yo sal nie in die tabel aangetoon word nie.

A. Konsonantwerkwoorde:

(180)

<u>Klas</u>	<u>Kw.bw.</u>	<u>Kkm.</u>
1. umu-	o	-
2. aba-	a	ba
3. umu-	o	-
4. imi-	e	-
5. ili-	e	li
6. ama-	a	-
7. isi	e	si-
8. izi-	e	zi-
9. in(i)-	e	-
10. izi(N)-	e	zi-
11. ulu-	o	lu-
14. ubu-	o	bu-
15. uku-	o	ku-

Soos in die geval van die groepe in 4.1, is die kategoriale kongruensie-morfeem by die nasaalklasse in die kwalifikatiewe betrekkingwoord verskans.

B. Vokaalwerkwoorde:

(181)

<u>Klas</u>	<u>Kw.bw.</u>	<u>Kkm.</u>	<u>Sv. + Ww. wat begin met</u> <u>o-, a- of e-.</u>
1. umu-	o	-	w + v- + yo
2. aba-	a	b-	- + v- + yo
3. umu-	o	-	w + v- + yo
4. imi-	e	-	y + v- + yo
5. ili-	e	l-	- + v- + yo
6. ama-	(i) a	-	w + v- + yo
	(ii) -	-	- + v- + (yo)
7. isi-	e	s-	- + v- + yo
8. izi-	e	z-	- + v- + yo
9. in(i)	e	-	y + v- + yo
10. izi(N)-	e	z-	- + v- + yo
11. ulu	o	l-	- + v- + yo
14. ubu	o	b-	- + v- + yo
15. uku	o	k-	- + v- + yo

Uit bogenoemde kan die volgende afleidings
gemaak word:

(i) Die elisie van die /-v/ in die (182
kategoriale kongruensiemorfeem met die
struktuur /KV-/ a.g.v. die voorplasing
voor die werkwoord met die struktuur
/-VKV/ en die gevolglike vokaalopeenhoping

/KVVKV/, het 'n fonologiese variant /K/
van die kategoriale kongruensiemorfeem tot
gevolg,
bv.

Abantu abakhayo (Mense wat bou)

(ii) By die nasaalklasse veroorsaak (183
die kw.bw. met die struktuur /V-/ na
voorplasing voor die werkwoord met die
struktuur /-VKV/ dat in die struktuur
/VVKV/ 'n semivokaal w of y die twee
vokale skei. Waar die aanpassing by die
nie-nasaalklasse by die kategoriale
kongruensiemorfeem was, is dit nou by
die werkwoord. Hierdie proses kan
a.g.v. die dissimilerende funksie van w
en y "glyding" genoem word. (Vgl. Horn,
1978, p.131 e.v.) Hier ontstaan dus nie
net fonologiese variante van bv. ba * b
en si * s ens. nie maar ook variante van
die werkwoord
bv.

osa * wosa / yosa
akha * wakha / yakha
enza * wenza / yenza

'n Ander meer ingewikkelde variant kan op die supra-segmentele vlak gevind word t.o.v. klas 6 waar, "Amadoda awenzayo" kan wissel met "amadoda enza(yo)" (Vgl. Van Eeden, 1956, p.616). Daar sal egter nie ingegaan word op die supra-segmentele kwaliteite van "enza" in dié geval nie. Die kongruensie kan in dié geval aangedui word deur (ˈ) wat daarop dui dat die kw.bw. weggelaat is en dat e- van "enza" met klem uitgespreek word.

C. 'n Verdere oorsaak vir die ont- (184
staan van 'n fonologiese variant is die enkele geval waar die latente i- in werkwoorde soos -(i)za assimilasie tussen die -a van die kategoriale morfeem ba- en (i)za veroorsaak:
bv.

Abafana abezayo (Die seuns wat kom)

4.1.5.2. Indirekte konstruksies. (185

Die antesedent en die werkwoordelike komplement staan in dié geval in 'n indirekte

verhouding tot mekaar. Dit gaan egter nie hier oor die verskillende verhoudinge nie maar alleen die kongruensiemorfeme wat die verhouding bevestig. Die enigste verskil wat daar bestaan t.o.v. die kongruensiemorfeme wat betrokke is by die indirekte en direkte konstruksies kom voor by die kwalifikatiewe betrekkingswoord van klas 1
bv.

Umntwana amshayileyo
(Die seun wat hy geslaan het)

Omdat daar nie 'n fonologiese verband gevind kan word tussen die determinerende antesedent umntwana in die kwalifikatiewe betrekkingswoord a- nie, moet die oorsaak vir die variasie (wat nie belangrik is vir hierdie studie nie) gesoek word in 'n diachroniese reduksieproses en kan volstaan word by Ungerer (1975, p.117): "Skynbaar het die demonstratiewe la saamgesmelt met 'n variant van die basiese kategoriale morfeem nl. a wat waarskynlik die oorspronklike kategoriale morfeem vir

hierdie klas was in die kwalifikatiewe modus, om verwarring met die tweede persoon te vermy". Ungerer sê verder (p.118): "Wat egter ook beslis waar kan wees is dat die kategoriale morfeem van die participium a was (en in Swazi nog is) en dat hierdie a dus 'n samesmelting is van 1a + a * 1a * a"

Die korrektheid van bogenoemde en ander hipoteses sal nie hier bespreek word nie maar wat wel hieruit duidelik na vore kom, is dat die kwalifikatiewe betrekkiingswoord a 'n morfologiese variant bevat wat in 'n verskanste vorm daarin voorkom nl.

(1)a + a * a / [AA] * a.

In die volgende tabel word die kongruensiemorfeme en hulle variante van die kwalifikatiewe betrekkiingswoordgroepe saamgevat:

Let op zin- van klas 8 wat aangedui word as 'n fonologies-fakultatiewe variant. Dit dui daarop dat dit kan wissel met zi- na analogie van zin- (klas 10)

<u>Klas</u>	<u>Pkm.</u>	<u>Skm.</u>	<u>Variante</u> (186	
			<u>Fonologies</u>	<u>Morfologies</u>
1. umu-	mu-	u	m-	a-
2. aba-	ba-	-	b-	-
3. umu-	mu-	u	m-	-
4. imi-	mi-	i	-	-
5. ili-	li-	-	l-	-
6. ama-	ma-	a	-	-
7. isi-	si-	-	s-	-
8. <u>izi</u>	<u>zi</u>	-	zim-/z-/zin-(lg. fonologies <u>fakulta</u> - tief)	
9. in(i)-	n(i)-	i	m-	
10. izi(N)-	zi-	-	zim-/z-	-
11. ulu-	lu-	-	l-	-
14. ubu-	bu-	-	b-	-
15. uku-	ku-	-	k-	-

By die interpretasie van bogenoemde tabel moet in gedagte gehou word dat die sekondêre kongruensiemorfeme soos in die tabel aangetoon, nie so voorkom nie maar wel in 'n verskanste vorm in die kwalifikatiewe betrekkingswoorde a.g.v. die fonologiese onspesifiseerbaarheid daarvan in o-, e- en a-. Soos reeds genoem (par. 136 e.v.)

kan die geassimileerde vorm van die demonstratiewe element en sekondêre kongruensiomorfeem nie as variante aangetoon word nie.

Soos reeds genoem (par. 158) is nie alle komplementtipes van die kwalifikatiewe betrekkiingswoord behandel nie omrede dit nie die kongruensiomorfeme soos aangedui in die tabel (par. 186) laat varieer nie.

4.2 Die possessiewe betrekkiingswoordgroep. (187

Die struktuur van die possessiewe betrekkiingswoordgroep is antesedent (wat die kongruensie determineer) + possessiewe betrekkiingswoord (waarin die kongruensie gekontinueer word) as inleidende lid + 'n woord of woordgroep as komplement.

Die kongruensieproses in die possessief is relatief eenvoudig soos hieronder aangedui word.

4.2.1. Gewone vorming. (188

In die volgende tabel word die kongruensie in die possessiewe betrekkiingswoord aan=

gedui:

Klas	Pkm.	Skm.	Possessiewe betrekingswoord
1. umu-	mu-	u	u + a * <u>wa</u> (semi-vokalisering)
2. aba-	ba-	-	b(a) + a * <u>ba</u> (elisie)
3. umu-	mu-	u	u + a * <u>wa</u> (semi-vokalisering)
4. imi-	mi-	i	i + a * <u>ya</u> (semi-vokalisering)
5. ili-	li-	-	l(i) + a * <u>la</u> (elisie)
6. ama-	ma-	a	a + a * (AA) - (assimilasie)
7. isi-	si-	-	s(i) + a * <u>sa</u> (elisie)
8. izi-	zi-	-	z(i) + a * <u>za</u> (elisie)
9. in(i)-	n(i)-	i	i + a * <u>ya</u> (semi-vokalisering)
10. izi(N)-	zi-	-	z(i) + a * <u>za</u> (elisie)
11. ulu-	lu-	-	lu + a * <u>lwa</u> (semi-vokalisering)
14. ubu-	bu-	-	b(u) + a * <u>ba</u> (elisie)
15. uku-	ku-	-	ku + a * <u>kwa</u> (semi-vokalisering)
16. pha-	-pha	ku	ku + a * <u>kwa</u> (semi-vokalisering)
17. uku-	ku-	-	ku + a * <u>kwa</u> (semi-vokalisering)

Wanneer bogenoemde possessiewe (189)
 betrekingswoorde in die possessiewe
 groep aangewend word vind daar assimi-
 lasie plaas tussen die genitiwe -a van die
 betrekingswoord en die pre-prefiks van
 die naamwoord wat as komplement optree.
 Indien die komplement nie 'n naamwoord

is nie en bv. 'n demonstratief, is daar natuurlik nie oorsaak vir assimilasië nie en behou die possessiewe betrekkingwoord sy basiese vorm.

Die kongruensie word dus gemanifesteer in die onderstreepte foneme (laaste kolom par. 188) wat almal op grond van semi-vokalisering of elisie beskou kan word as fonologies-verklaarbare morfeemvariante van die primêre of sekondêre kongruensiemorfeme.

Die enigste geval wat verdere toeligting (190 vereis is die possessiewe betrekkingwoord van klas 6. Die vraag ontstaan nou of daar assimilasië (soos aangetoon in die tabel par. 188) tussen die sekondêre kongruensiemorfeem a- en die genitiewe -a plaasgevind het. Wanneer die ander possessiewe betrekkingwoorde as uitgangspunt geneem word kan opgemerk word dat sowel 'n kategoriale as 'n genitiewe element daarin teenwoordig is. Dit sou dus op grond hiervan aanvaar kan word dat assimilasië tussen a- en -a

plaasgevind het en dat die werklike realisering van die kongruensie in die gekombineerde groep op die supra-segmentele vlak gevind sal word deurdat die possessiewe betrekkiingswoord na kombinasie met die komplement met klem uitgespreek word,
bv.

Umfana wendoda - (Die man se seun)
teenoor

Amahashi endoda (a + i * e) - (Die man se perde)

Die kongruensie kan dus gevind word in (AA) * a + i * endoda. Die e- vanendoda sluit dus die volgende elemente in:

- a. 'n genitiewe element
- b. 'n kategoriale kongruensiemorfeem
- c. 'n pre-prefiks van die komplement
- d. Supra-segmentele klem

4.2.2. Met komplemente van klas.1(a) (191 en 2(a)).

Wanneer die naamwoorde van klas 1(a) en 2(a) (bv. ubaba / obaba) as komplemente in die possessiewe groep dien, is daar 'n ander morfologiese struktuur sigbaar as die normale kongruensie wat in 4.2.1. bespreek is. Die volgende is verteenwoordigende voorbeelde van die afwykende struktuur:

4.2.2.1. Umfana kababa - Vader se seun.

Hier is die antesedent in 'n nasaalklas en 'n betrektingswoord ka- word geskakel aan die komplement wat in klas 1a is.

4.2.2.2. lhashi likababa - Vader se perd.

Die antesedent is in 'n nie-nasaalklas en die possessiewe betrektingswoord word verteenwoordig deur die primêre kongruensie-morfeem (van die antesedent) + -ka- gevolg deur die komplement in klas 1(a).

4.2.2.3. lhashi lawomama - Moeder-hulle se perd.

Die antesedent kan enige naamwoord wees

gevolg deur die normale possessiewe betrekkingwoord waarna die komplement (klas 2a) daarvan geskei word d.m.v. 'n "glyklank" (vgl. par. 183). Die w-glyklank het geen invloed op kongruensie self nie en hierdie kan as 'n normale vorm (vgl. par. 188) beskou word.

(192

Ziervogel e.a. (1976, p.118) gee vir 4.2.2.3. 'n ander struktuur: bv.

izinkomo zobaba (za + obaba) (Vader-hulle se beeste) i.p.v. izinkomo zawobaba.

Hiervolgens elideer die -a van die pos. bw. za en skakel dan met obaba. Dit kan as 'n wisselvorm aanvaar word alhoewel eg. vorm as die meer gebruiklike voorkom.

Lg. possessiewe betrekkingwoordgroep (vgl. 4.2.2.3.) lewer wat die kongruensie betref dus nie enige probleme op nie omrede kongruensie in albei gevalle in z-aangedui kan word.

Wat die vorme in 4.2.2.1 en 4.2.2.2 (193
hierbo betref is daar 'n versteuring in
die kongruensieproses deurdat -ka-
wat nie fonologies herleibaar is na die
antesedent nie as betrekkingswoord of
deel daarvan optree.

Die mees algemene hipotese t.o.v. die (194
herkoms en aard van die possessiewe
element ka is volgens Van Eeden (1956,
p.173) die volgende:

- a. i dat "ka" die oorspronklike vorm is
van die possessiewe -a
- a. ii dat "ka" 'n saamgetrokke vorm is
van die lokatiefklas se possessiewe
betrekkingswoord kwa-

Watter een van bogenoemde hipoteses (195
die naaste aan korrek is, is egter nie
hier ter sake nie. Wat egter wel van
belang is, is dat hierdie -ka- beslis die
possessiewe (of genitiewe) element in die
soort groepe verteenwoordig. Dit het dus
bloot 'n semantiese verwysingswaarde van
possessiewe of genitiewe aard en geen

kenmerk-kopiërende (kongruensionele) waarde nie. Dit sou dus verkeerd wees om ka- as 'n soort variant van die possessiewe betrekkingwoord te beskou. Dit kan wel beskou word as 'n variant van die gewone possessiewe of genitiewe -a.

'n Vraag wat egter deurentyd hinder, is om watter rede die -ka- die gewone -a vervang het. Die rede kan gesoek word in die semantiese aard van die naamwoorde wat as komplemente van die possessiewe -ka- optree, en die oorheersende soort naamwoorde wat in die klas gehuisves is, was eiename en verwantskapsname.

Die -ka- as moontlike saamgetrokke vorm van kwa- (lokatief) kry dus hier afgesien van possessiewe semantiese waarde ook 'n lokaliteitswaarde omdat dit gekomplementeer word deur eiename, verwantskapsname ens.

bv.

Ihashi likababa - Vader se perd.
(Die perd dit van by vader se plek)

'n Verdere vraag wat gevra kan word is (196
 waarom by die nie-nasaalklasse 'n kate-
 goriale kongruensiemorfeem optree voor
 -ka- en by die nasaalklasse nie.
 Moontlik het die kategoriale kongruensie=
 morfeem met die struktuur /V²/ a.g.v.
 die oop sillabestruktuur van /VKV-/ in
 plaas van /KVKV-/ hier geëlideer. Die
 afleiding kan dus gemaak word dat wanneer
 die possessiewe betrekkiingswoordgroep
 (met 'n woord uit klas 1a as komplement)
 voorafgegaan word deur 'n antesedent
 wat 'n naamwoord uit 'n nasaalklas is, daar
 geen kongruensie in die groep is nie en
 kan dit as (-) aangedui word a.g.v. fono=
 logiese omstandighede.

In die volgende tabel word die kongruensie=
 morfeme en variante van die possessiewe
 betrekkiingswoordgroepe aangedui:

<u>Klas</u>	<u>Pkm.</u>	<u>Skm.</u>	<u>Variante</u>	<u>A.g.v. elisie van</u> <u>/V-/</u>
1. umu-	mu-	u	w-	(-)
2. aba-	ba-	-	b-	-
3. umu-	mu-	u	w-	(-)
4. imi-	mi-	i	y-	(-)
5. ili-	li-	-	l-	-
6. ama-	ma-	a	-	(-)
7. isi-	si-	-	s-	-
8. izi-	zi-	-	z-	-
9. in(i)-	n(i)	i	y-	-
10. izi(N)-	zi-	-	z-	-
11. ulu-	lu-	-	lw-	-
14. ubu-	bu-	-	b-	-
15. uku-	ku-	-	kw-/k-	-
16. pha-	-pha	ku-	kw-/k-	-
17. uku	ku	-	kw-/k-	-

4.3. Kongruensie in kopulatiewe groepe. (198)

Omrede kongruensie by die kopula nie
verskil van kongruensie in die werkwoord
 nie, sal dit nie hier bespreek word nie
 maar wel in die samevattende tabel in
 Hoofstuk 5 aangetoon word.

Wat egter wel uitsonderlik by die (199
kopula is, is die geval waar die beskry=
wende veranderlike naamwoorde as kom=
plement in die kopulatiewe groep optree.
Ungerer (1975, p.119 e.v.) het hierdie
kwessie baie bevredigend bestudeer en
die doel hiervan is om slegs die kongruen=
sie-aspek n.a.v. sy bevindinge van nader=
by te beskou. In genoemde bron maak
Ungerer die bewering dat 'n groepie
"Umfana muhle" (die seun is mooi), oor=
spronklik "Umfana umuhle" was. Die
sekondêre kongruensiemorfeem u- is in
eg. voorbeeld weggelaat en het in die
taal in onbruik geraak. Hiervoor gee
hy bevredigende bewyse (vgl. Ungerer,
p.124, 125 e.v.)

Hy skryf die weglating van die sekondêre
kongruensiemorfeem (normvariant p.125,
par. 104) toe aan: "die teenwoordigheid
van die (primêre) basiese kategoriale
morfeem as prefiks van die veranderlike
naamwoordwortel. In 'n groepie soos
"Mina ngimuhle" (Ek is mooi) sê hy (p.125)
dui ngi- (normvariant) die kongruensie aan

terwyl -mu- slegs getal (enkelvoud) aandui. In dié geval dui -mu- nie alleen getal aan nie maar kopieer ook genus as kenmerk.

Indien kongruensie dan nie volledig is nie, dan is dit grammatiese "persoon" wat nie hier deel het aan die kategorie nie. In Mina ngi- is die kenmerk 1^e persoon aanwesig en in -muhle die 3^e persoon kenmerk, d.w.s. teen die aard van die kongruensieproses, is daar botsende kwaliteite tussen onderwerp (Mina) en komplement (-muhle)

(200

N.a.v. bogenoemde ontstaan die vraag waar kongruensie in groepe soos "umfana (u)muhle" gemanifesteer word.

In die tabel (par. 174) is aangetoon dat by die kwalifikatiewe betrekkingwoordgroep met veranderlike naamwoorde as komplemente, daar by die nasaalklasse sprake is van 'n sg. 1^e en 2^e kongruensie. In 'n groepie soos "Umfana omkhulu" (die groot seun) is daar dus kongruensie in o- (wat die geas=simileerde vorm van [AU] is, en in die

primêre kongruensiemorfeem m(u). Laas-
genoemde verteenwoordig die sg. 2^e kon-
gruensie. In die oorspronklike vorm van
"Umfana muhle" (die seun is mooi) d.w.s.
"umfana umuhle" sou ons dus kon sê, dat
indien ons dit met "umfana omuhle" (die
mooi seun / die seun wat mooi is) verge-
lyk, die 1^e kongruensie in u- en die 2^e
kongruensie in -mu- gemanifesteer is.

Die vraag ontstaan nou waarom 1^e kon-
gruensie in die geval van "umfana muhle"
weggeval het en in die geval van "umfana
omuhle" behoue gebly het. Dit is moont-
lik dat die antwoord gevind kan word in
die feit dat die kwalifikatiewe betrekkings=
woord ook die demonstratiewe semantiese
waarde akkomodeer en om dié rede nie
weggelaat kan word nie.

Opsommend kan Ungerer (1975, p.126, (201
par. 104) in die verband aangehaal word:
"Die basiese kategoriale morfeem het dus
uit die aard van die saak die kategoriale
ooreenstemmende funksie van die norm=

variant in hierdie geval oorgeneem, ...". Wat verder ook hier baie interessant is, is die feit dat die kopulatiewe waarde in dié soort groepe volgens Ungerer, geleë is in die supra-segmentele veranderde "toon" van die primêre kongruensiemorfeme (vgl. Ungerer, p.126)

A.g.v. die feit dat die fonologiese veranderinge wat sommige kongruensiemorfeme ondergaan, soos die aktualiteit na negatief verander, dieselfde is as by die werkwoord sal dit nie hier bespreek word nie maar wel in die samevattende tabel in Hoofstuk 5 aangedui word.

4.4 Kongruensie in die werkwoord. (202)

Die werkwoord is sekerlik dié kategorie waar kongruensie in die hoogste frekwensie voorkom en word geïnisieer deurdat omstandighede vir groepvorming die onbeperkteid of onbepaaldheid van die infinitief ophef of verhef tot beperkteid of bepaaldheid van genus, getal en persoon. (vgl. par. 96)

In die volgende paragrawe word die kongruensiepatroon in verteenwoordigende werkwoordstrukture vasgestel. Nie alle strukture word noodwendig behandel nie omdat dit in baie gevalle duplisering van reeds bekende feite sal wees.

4.4.1. Klas 1.

(203)

Die primêre kongruensiemorfeem van die klas is -mu- en die basiese of normvariant daarvan, die sekondêre kongruensiemorfeem -u-. Hierdie is die klas waar die grootste variasie in die kongruensiepatroon aangetref word.

4.4.1.1. Die primêre kongruensiemorfeem -mu- vertoon die volgende variante: (204)

A. /-m-/ voor meerlettergrepige werkwoordstamme wat met 'n konsonant aanvang
bv.

Umfana uyambona (Die seun sien hom)

B. Dieselfde variant /-m-/ voor vokaalwerkwoorde,

bv.

Uname uyamondla (Moeder voed hom)

Bogenoemde /-m-/ is dus 'n fonologiese variant van /-mu-/

4.4.1.2. Die sekondêre kongruensie= (205 morfeem -u- vertoon die volgende variante:

A. /w-/ onder die volgende omstandighede:

(i) u * w (semi-vokalisering) voor vokaalwerkwoorde wat met a-, e- of o- aanvang, bv.

Umfana wakha indlu (Die seun bou 'n hut)

(ii) u * w (semi-vokalisering) in die sg. a- verlede tyds- en konsekatiewe morfeme bv.

u + a * wa.

Wanneer wa voor vokaalwerkwoordstamme optree elideer die -a en die w- waarin kongruensie gekontinueer word bly behoue. Die elisie van -a beïnvloed nie kongruensie nie.

(iii) u * w (semi-vokalisering) voor die heel saamgetrokke vorm van die sg. "toekomstige tydsmorfeem" nl. za + uku * zoku * zo * ó D.w.s. u + ó * wo.

Bogenoemde w- kan dus o.g.v. die oorsaak vir sy voorkoms beskou word as 'n fonologiese variant van u-
Horn (1978, p.131) beskou die verandering van u * w as "vokaliëse glyding".

